


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 12, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar-Apr 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

“Wegkruip” van God se waarheid?

Gedurende Desember 2011 het 'n segment van die gewilde televisieprogram, *60 Minutes*, 'n groep monnike gevolg wat alleen op 'n afgeleë berg in Griekeland woon en moedig probeer om “nader aan” Jesus Christus te kom.

Hierdie mans laat *nie eens vrouens* op die perseel toe nie. Hulle sonder hulself af – byna geheel en al – van die wêreld en van ander mense. Hulle verbou hulle eie kos, hul het ook geheel en al hulle eie “klein wêreldjie” geskep sodat hulle nie nodig het om baie met die buitewêreld in aanraking te kom nie.

Hulle doen dit omdat hulle dink dat hul afsondering hulle sal help om nader aan Jesus Christus te groei.

My vriende, is dit **werklik** hoe om nader te kom aan die ware Jesus Christus van die Bybel? Is dit hoe Jesus Christus *Self* geleef het? Is dit hoe Sy naaste apostels en dissipels geleef het – diegene wat direk deur Hom geleer is en Sy voorbeeld persoonlik gesien het? Is dit hoe ons moet lewe? Is dit hoe *enig* wat waarlik probeer om Christus na te volg, moet lewe?

Dink! Jesus Christus het een van Sy mees kragtige opdragte gegee aan die heel begin van Sy bediening: “Die mens sal nie van brood **alleen** lewe nie, maar van **elke** woord van God” (Lukas 4:4). God se woord openbaar Sy gedagtes – die manier waarop Hy dink en doen, en die manier

wat Hy wil hê *ons* moet handel. God se woord – die Bybel – is die “Handleiding” vir die mensdom. Dit openbaar wat ware Christelikheid behels!

Reg deur die eeue was daar egter ontelbare duisende mense wat hulself van die mensdom afgesonder het as 'n geheel – in monnikeloosters (*monastries*) en nonnekloosters (*convents*) geleef het en hulself op verskillende maniere verneder en verootmoedig het – in 'n poging om “nader aan Christus te kom”. Die meeste van hierdie mense was klaarblyklik *baie opreg*. Is opregtheid egter genoeg? Die basiese kernpunt is: Behoort ons dat **God Almagtig** ons vertel hoe ons Hom moet dien, of behoort ons ons *eie* weergawe van Christelikheid te beoefen?

Die apostel Paulus het baie mense teëgekomp wat allerhande tipes van “moets en moenies” bygelas het aan God se gebooue – hul het op 'n manier hulle eie godsdiens uitgedink. Paulus skryf: “Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie” (Romeine 10:3).

Het hierdie welmenende Griekse monnike, en duisende ander mense soos hulle, “hulle **eie** geregtigheid probeer instel?” Oorweeg dit dat, regdeur u Bybel en in die voorbeeld van Jesus Christus en Sy naaste apostels en volgelingen, God duidelik openbaar wat Hy van Sy dienaars

verwag: "Gaan die hele wêreld in" en "verkondig" die Waarheid – om 'n waarskuwing te gee en 'n **voorbeeld** te stel dat ander mense kan sien, selfs terwyl hulle in hierdie sonde-ge vulde wêreld leef (Johannes 17:15-19).

Hoewel Jesus na die woestyn gegaan het om te **vas** en na "God te soek" aan die begin van Sy bediening en hoewel Hy regdeur Sy lewe *gevas* en *gebid* het, was die *grootste deel* van Sy tyd gewy aan voortdurende kontak met Sy medemens – om hulle te leer, te genees, hulle te dien en 'n perfekte **voorbeeld** te stel van die *lewenswyse* wat die Ewige God wil hê ons almal moet lewe. Sy dissipels het dieselfde gedoen. Nadat hulle teruggekeer het van 'n evangelisasie toer – waar hulle *baie besig* was om honderde mense te help en te leer – het Jesus aan hulle gesê: "Kom julle self in die eensaamheid na 'n verlate plek en rus 'n bietjie" (Markus 6:31).

Die Bybel toon dat hulle so besig was om ander mense te help en te dien – hulle was letterlik *omring* deur mense – dat hulle nie tyd gehad het om te eet nie. Hulle het dus na 'n verlate plek probeer gaan om te rus, soos Jesus hulle beveel het. Nogtans het Hy "'n groot menigte" gesien toe hulle uit die skuit klim en hulle het om Jesus saamgedrom. Wat het Hy gedoen? Het Hy van hulle weggegaan en daarop aangedring om "alleen te

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – "Wegkruip" van God se waarheid?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Waarom ek weet daar is 'n ware God! 3

Is die God van die Bybel regtig werklik vir u persoonlik? Hy kan – en Hy behoort te wees!

Te groot om te faal? 8

Terwyl die 100ste herdenking van die ramp van die Titanic nader kom, wat hou die toekoms in vir die Engelssprekende nasies?

Londen Roep: Sal Brittanje die Europese Unie verlaat? 13

Is Groot-Brittanje besig om die Europese Unie (EU) te verlaat?

Die heelal en U! 16

U kan u gees bemeester en beheer oor u lewe kry!

Hebsug! 20

Wat leer God se persoonlike karakter ons van goeie besigheidspraktyke?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Profesie neem gestalte aan 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Waarom ek weet daar is 'n ware God!

Deur Roderick C. Meredith

Is die God van die Bybel regtig werklik vir u persoonlik? Hy kan – en Hy behoort te wees!

Wanneer verskriklike persoonlike of nasionale tragedies toeslaan, ondervind u ooit dat die idee van 'n ware God baie vaag of onseker vir u is? Is u onseker oor wat met u sal gebeur wanneer u sterf? Vir byna alle mense is dit sekerlik normale gevoelens. Dit is *niks* om oor skaam te wees nie.

Ek kan my hiermee vereenselwig. Soos duisende van u intekenare – ook honderde van my voormalige studente en kollegas – weet, is ek grootgemaak in 'n gemiddelde middelklas-gesin en het 'n “hoofstroom” Protestantse kerk bygewoon vir die eerste 19 jaar van my lewe. Heel dikwels het die gemeente gehoor dat ons kon uitsien daarna om “hemel toe te gaan” om die ewigheid daar deur te bring – as ons “goeie mense” is en Jesus liefhet.

Baie min is ooit gesê oor wat ons werklik sal *doen* wanneer ons in die hemel kom – of daar enige werklike *doel* vir ons lewens of daarna is. Alhoewel ons dikwels van die idee gehoor het dat daar 'n “God” bo in die hemel is en dat Hy ons liefhet, was dit heel dikwels baie sentimenteel gestel, maar dit is nooit bewys nie. Ons het almal net “aanvaar” dat dit so was.

Ten spyte van al hierdie “aangename” sentimente, het ek

begin oplet dat – wanneer werklike tragedies toeslaan – die meeste van my vriende en familie diep geskok was. Hulle was klaarblyklik nie baie gelukkig met die idee dat hulle, of enige van hul geliefdes, op pad mag wees na hierdie veronderstelde wonderlike “hemelse huis” waarvan die predikant gepraat het nie. Ná die skielike afsterwe van my liewe vriend, Jimmy Mallette – wie se nek in 'n stoeiwedstryd gebreek is – was ek ook geskok. Ek het met 'n soektog begin om aan myself te bewys of daar 'n ware God bestaan, en om te ontdek *wat* Sy doel was om die mensdom te skep, indien daar inderdaad enige doel was.

'n Kragtige stem

In 1944, gedurende die laaste dae van die Tweede Wêreldoorlog, is Duitsland deur die Britse en Amerikaanse bomwerpers vergruis. Ongeveer daardie tyd het ek begin luister na 'n radioprediker genaamd Herbert W. Armstrong. Ten spyte van die klaarblyklike nederlaag van Duitsland, het mnr. Armstrong daarop gewys dat, volgens Bybelse profesieë, die Duitse volk *weer sou opstaan* en die leidende mag in 'n toekomstige Europese Ryk sal wees. 'n Paar jaar later, in die herfs van 1949, het ek na

Pasadena, Kalifornië, gereis om in te skryf in mnr. Armstrong se *Ambassador College*. Daar het ek baie meer gehoor aangaande die toekomstige Europese Ryk – eintlik 'n *herlewing* van die ou Heilige Romeinse Ryk – ek het uit die Bybel begin verstaan presies *waarom* Amerika en Brittanje sulke groot nasies is, en *wat met hulle sal gebeur* as hul nie ten volle bekeer en hul na die God van die Bybel wend nie. Mnr. Armstrong het telkemale vir ons gesê dat die grootheid van die Engelssprekende nasies weggeneem sal word. Hy het aan ons gewys dat die lande van die Britse Gemenebes en die Verenigde State van Amerika die moderne afstammeling is van die “verlore” Israelitiese stamme, Efraim en Manasse. Met begrip van die Bybelse profesieë wat verband hou met daardie antieke stamme, het hy spesifiek daarop gewys dat die belangrike “seepoorte” wat in die Bybel aan daardie nasies belowe is, weggeneem sal word – plekke soos die Suezkanaal, die Panama-kanaal, die Straat van Malakka, die Falklandeilande en Gibraltar – tensy daar nasionale bekering is.

Ek onthou dat mnr. Armstrong in 1954, tydens 'n dinamiese sprekersveldtog in Groot-Brittanje, 'n kragtige

waarskuwing gerig het aangaande die komende ondergang van die Britse Ryk, die verlies van haar seepoorte en die groei van die Europese Unie wat aan die kom was! *Ek was daaren* het hom met gesag hoor verklaar: “Indien julle Britte julle nie *waaragtig* bekeer en terugdraai na die God van die Bybel nie, sal daar nie meer 'n Britse Ryk wees nie! Julle groot seepoorte, soos die Suezkanaal, sal weggeneem word! Amerika sal ook ten gronde gaan as ons ons nie bekeer nie!”

Dit was nie “sy idee” nie. Dit is daar in die bladsye van die Bybel vir diegene wat oë het om te sien. Hy het ook daarop gewys dat, volgens Bybelprofesie, die nasies van Oos-Europa sal moet wegbreek van die Sowjetunie en dat Wes-Duitsland en Oos-Duitsland sou herenig. Hy het in die uitgawe van April 1952 van sy *Goeie Nuus* [*Good News*] tydskrif geskryf: “Rusland mag Oos-Duitsland teruggee aan die Duitsers en sal gedwing word om afstand te doen van haar beheer oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en gedeeltes van Oostenryk, om sodoende die unie van tien nasies voltallig te maak. Europa sal 'n vrye hand hê om Amerika en Brittanje te vernietig, soos geprofeteer” (bl. 16).

Gedurende 'n tyd toe die meeste “kenners” vreesbevange was oor die verwagting van oorlog tussen Amerika en die Sowjetunie, het mnr. Armstrong uit Bybelprofesieë verstaan dat iets heel anders

sou plaasvind. Hy het geskryf: “Die weg word voorberei vir 'n kolossale derde mag in wêreldpolitiek – 'n Europese Federasie van Nasies wat sterker sal wees as óf Rusland óf die Verenigde State! ... Ons het jare vooruit aangedui wat met Rusland se rampspoedige Ryk in Oostelike Europa sal gebeur” (*Plain Truth*, Desember 1956, bl. 3).

Wat van oorlog tussen Amerika en die Sowjetunie? Mnr. Armstrong skryf: “Geen bewuste poging van 'n volskaalse oorlog tussen Rusland en Amerika is geprofeteer nie. Die bekende profesie van Esegieël 38 en 39 voorspel 'n Russiese inval in Palestina baie later, nie teen die Noord-Amerikaanse vasteland nie” (*Plain Truth*, Augustus 1950, bl. 2).

Miljoene mense het gehoor hoe mnr. Armstrong verklarings soos hierdie gemaak het, of het sy artikels gelees wat die beslistheid van hierdie gebeure wat in die Bybel geprofeteer is, bekend gemaak het. Die meeste mense het dit wat hulle gehoor het, geminag.

‘n Sekulêre redakteur se perspektief

Namate hierdie *spesifieke profesieë* gestalte aanneem, was baie mense verstom. Soos die Berlynse Muur afgebreek is en die eens magtige Sowjetunie in duie stort, was miljoene mense onverhoeds betrap. Die “hoofstroom” nuusontleders en kenners het geen idee gehad dat hierdie dinge sou plaasvind nie.

Diegene wat egter vertrou was met mnr. Armstrong se leringe was nie verbaas nie. Inderdaad, let op hierdie onthullende erkenning deur die redakteur van 'n klein koerantjie in Tennessee, *wat wel verstaan het*. Hy het hoegenaamd *geen godsdienstige* verbintenis met mnr. Armstrong gehad nie. Hier is wat hy geskryf het na die val van die Berlynse Muur en die wegbreek van die Oos-Europese nasies – wat Mnr. Armstrong *spesifiek* voorspel het:

“Soos baie Amerikaners het ek ook met belangstelling die huidige politieke situasie in Oos-Duitsland dopgehou. Terwyl baie mense hul verbasing uitgespreek het oor die onlangse gebeure en die Oos-Duitse oproep vir die hereniging van Oos- en Wes-Duitsland, moet ek erken dat ek nie té verras was deur hierdie gebeurtenisse nie. Die rede waarom ek nie té verbaas was nie, is omdat ek vir jare so af en toe die publikasies van ... wyle Herbert W. Armstrong gelees het ... Armstrong het voorspel dat die Berlynse muur eendag afgebreek sou word en dat die twee Duitse state weer sou herenig in 'n magtige nasie” (*Free Press*, 7 Desember 1989).

Vervulde profesie

Bogenoemde is maar een van verskeie voorbeelde wat ek kan opnoem. Oor en oor het ek, deur intensiewe bestudering van die Bybel en om dan noukeurig al hierdie *spesifieke vervullings* van profesieë wat groot nasies

en situasies raak, dop te hou, het ek *aan myself* die absolute waarheid van die baie, baie spesifieke Bybelse profesieë oor Egipte, Babel, die herstelde Romeinse Ryk, en die rede waarom aan Amerika en die nasies van Britse afkoms soveel groot magte en seëninge gegee is, *bewys*. Oor die jare heen het ek tot die besef gekom dat Bybelse profesieë *akkuraat* beskryf wat sal gebeur met groot stede en *nasies regoor die aarde!* Indien daar nie 'n “werklike” God was wat werklik die skryf van hierdie profesieë geïnspireer en gelei het nie, sou dit nie vervul gewees het by so baie geleenthede en in soveel wonderbaarlike besonderheid nie. Behalwe vir die Heilige Bybel, bevat geen ander boek selfs naastenby soveel *gedetailleerde* profesieë oor die presiese lot van volke en nasies nie – dikwels *honderde of duisende jare vooruit!*

Die Almagtige God het die profeet Jesaja geïnspireer om te skryf: “Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek* is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen. Luister na My, julle wat hard is van hart, julle wat ver is van die

geregtigheid!” (Jesaja 46:9-12).

Indien u nie reeds vertrou is met wat die Bybel leer aangaande die eindtydse vervulling van profesie en hoe dit verband hou met die voormalige Britse Gemenebes-lande en die Verenigde State in besonder nie, vra asseblief u gratis kopie aan van ons boekies: *Die Dier van Openbaring asook Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Hierdie boekies sal help om aan uself te bewys, uit die Skrif, wat binnekort sal gebeur na mate ei nd ty ds e profetiese vervullings vinniger sal plaasvind as nog ooit tevore! Hierdie boekies sal maak dat u Bybel vir u “lewendig word” namate u herken dat profesieë gestalte begin aanneem. Dit sal betekenis verleen aan die lees van u daaglikse koerant namate u sien dat gebeurtenis na gebeurtenis in plek val, net soos Godgeprofeteer het!

Byvoorbeeld, maak seker dat u “waak” (Lukas 21:36), om te sien of een of albei van Brittanje se enigste twee oorblywende “seepoorte” – Gibraltar en die Falklandeilande – weggeneem word binne die volgende paar jaar. Die Skrif sê dit sal gebeur voor die einde van hierdie tydperk. Op die huidige tydperk – in die geprofeteerde “laaste dae” van hierdie wêreld se samelewing – is God besig om kragtig in te gryp in wêreldgebeure. Hysal binnekort “die grynslag afvee” van die gesigte van die twyfelaars en die spotters!

Na 62 jaar in die ware Werk van die Almagtige God, het ek

geleer om nie te twyfel aan wat God sê nie, nadat ek aan myself bewys het dat die Bybel *duidelik iets voorspel*. Ek weet dit *sal gebeur!* Ek weet ook dat enigiets wat God Sy volk aansê om te doen, op die ou einde ten beste sal meewerk (Romeine 8:28).

God is die beslissende GENESER

Nog 'n rede waarom ek weet dat God werklik is, is omdat ek bewys het dat Hy die beslissende Geneser is. God verwag natuurlik van elkeen van ons om “ons deel te doen” in die handhawing van goeie gesondheid. Dit beteken nie dat ons vir dekades lank ons liggame kan misbruik, onwillig om ongesonde gewoontes prys te gee wat begedra het om ons siek te maak, en dan nogtans oombliklike genesing van God verwag nie. Ons het 'n verantwoordelikheid om die gesondheidsriglyne wat God in Sy woord gegee het, na te volg. Ons behoort nie skaam te wees om 'n roetine mediese ondersoek aan te vra wanneer dit lyk of ons 'n siektetoestand begin ontwikkel nie. Soms kan 'n dokter aan ons sê “wat verkeerd is” sodat ons kan verstaan wat ons moet doen om onsself behoorlik te versorg.

Ons behoort egter nie te vergeet dat net God ons Skepper en ons Geneser is nie. Dokters mag in staat wees om beserings te herstel en die verspreiding van siekte te vertraag, maar genesing kom van God. Soos u almal wat vertrou is met die Bybel

behoort te weet, is een van die *lewensbelangrikste aspekte* van die bediening van Jesus Christus, genesing. Die Skrif sê aan ons: “En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en *elke siekte en elke kwaal* onder die volk genees” (Mattheüs 4:23). Ons sien dus dat Jesus voortdurend baie verskillende soorte ongesteldhede en siektes genees het. Ons behoort te verstaan dat – wanneer ons te doen het met die ware God van die Bybel – daar niks is wat Hy nie kan doen nie. Daar is niks wat Hy nie kan genees nie (Markus 3:1-6; Johannes 9:1-7; Handeling 3:1-10)!

Jesus sê Self baie duidelik: “Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is” (Mattheüs 9:12). Dokters en professionele gesondheidswerkers kan dus by tye van groot hulp wees. Tog kan die ware God van die Bybel *baie meer vermag* as waartoe hulle in staat is! Ons behoort ook nie te vergeet dat selfs al wil ons vertrou op dokters en hospitale, hulle hul beperkings het nie. Soos ek al dikwels uitgewys het, wanneer die geprofeteerde verskriklike siekte-epidemies op massiewe skaal begin toeslaan en miljoene mense daardeur aangetas word, dokters en hospitale absoluut oorweldig sal wees! Baie mense sal selfs nie eens die opsie hê om op dokters en hospitale te vertrou nie. Hulle sal, soos nog nooit tevore nie, werklik nodig hê om, bo en

behalwe wat die mens kan doen, op te kyk na die grote God wat hul liggeme in die eerste plek gemaak het!

Een belangrike aspek van Jesus se bediening is die opdrag wat Hy aan Sy dissipels gegee het. Hy het hulle uitgestuur, en “... aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees” (Mattheüs 10:1). Goddelike genesing is een van die bewyse van die ware God van die Bybel. Daardie mag is vandag nog steeds effektief, en ek het dit self verskeie kere gesien!

Ek het persoonlik 'n veteraan uit die Koreaanse Oorlog, wat 'n kwadrupleeg was, onderrig en gedoop. Howard Clark het vir jare staatgemaak op 'n rolstoel, nie in staat om self rond te beweeg nie. Hierdie man was *sekerlik* by baie dokters! Hy was in die *heel beste* vloothospitale in die wêreld en het verskeie soorte operasies en mediese prosedures ondergaan – *alles tevergeefs*.

Ek het oor die jare gewoon geraak om Howard elke week in sy rolstoel te sien sit aan die regterkant van ons gemeente se vergadersaal. Na 'n tyd was hy geïnspireer om gebed vir genesing aan te vra. Op Pinksterdag het my geliefde vriend, Richard David Armstrong – die oudste seun van mnr. Herbert W. Armstrong – vir hierdie verlamde veteraan gebid. Net daar is hierdie voormalige kwadrupleeg bonatuurlik genees!

Ek was daardie dag in

Chicago om die Pinksterdiens daar te lei. By my terugkeer in Pasadena het een van die kollege se jong motorbestuurders my tegemoet gekom en my opgewonde meegedeel: “Mnr. Meredith, het u gehoor dat Howard Clark nou die dag genees is?” Ek het uitgeroep: “Nee! Ek was weg en niemand het my gesê nie”. Ek was dus verheug om te hoor dat so 'n merkwaardige wonderwerk plaasgevind het. Net die volgende dag was ek in staat om Howard persoonlik te besoek en hom te sien rondloop. 'n Paar weke later het ek hom by 'n huweliksonthaal gesien waar hy twee van sy kinders gedra en met hulle gestoei het, terwyl hy gelag en gesels het met ander mense in die ry. Dit het trane in my oë gebring. Dit was 'n ervaring wat ek nooit sal vergeet nie!

Die “ware” God van die Bybel genees werklik.

Nog 'n kragtige voorbeeld van goddelike genesing het gebeur toe ek gedurende 1951, besoeke gedoen het by verspreide kerkklimate. Terwyl ek saam met 'n ander student van *Ambassador College* gereis het, het ons 'n dame ontmoet wat vir berading om gedoop te word, gekom het. Sy het 'n vriendin, wat sy sedert haar kinderdae geken het, saamgebring om ons te ontmoet. In geloof het hierdie vrou aan mnr. Armstrong geskryf en 'n gesalfde lappie aangevra, volgens die Bybel se voorbeeld (Handeling 19:11-12). Ná ontvangs van die lappie, het hierdie vrou begin om

bonatuurlik genees te word deur die Almagtige God. Teen die tyd dat sy ons jong manne van die kollege ontmoet het, het 'n paar maande alreeds verloop sedert sy die lappie ontvang het. Na afloop van ons berading – sy sou niks kon “wen” deur ons te vertel nie – het sy gesê: “Manne, ek wil julle iets wys wat baie bemoedigend kan wees”. Sy het albei haar arms uitgestrek en beskryf hoe haar regterarm van kindsbeen af gebreklik en kort was en sy dit nooit op 'n normale manier kon gebruik nie. Sy het verduidelik hoe – nadat sy die gesalfde lappie ontvang en tot God gebid het – die arm begin het om *uit te groei*. Sy het gesê: “Manne, let op dat hierdie arm nog steeds 'n bietjie dunner is as die ander een. Alhoewel God die arm genees het, is die spiere nog nie ten volle ontwikkel nie, en God laat my toe om die spiere op te bou. Ek kan nou ons koeie met *albei hande* melk!”

Daar het trane in my oë gekom toe sy dit sê. Nogtans, omdat ek afkomstig was uit die “wys my” staat, Missouri, het ek dit nodig geag om wat sy vertel het, te kontroleer. Ek het dus aan haar vriendin gevra: “Het jy regtig saam met haar grootgeword en haar gebrekkige arm al daardie jare gesien?” Sy het gesê: “Ja, ek het, en dit is merkwaardig hoe dit uitgegroeï het”. Ten spyte van wat God gedoen het om haar vriendin te genees, wou hierdie ander liewe dame nooit gedoop word of op een of ander wyse by God se Kerk betrokke raak nie. Hy het nie haar denke geopen vir wat

ons geglo het nie. Tog het sy geglo dat God haar vriendin genees het! Sy het dit immers met haar eie oë gesien!

My vriende, ek weet dat my vertelling van hierdie gevalle nie noodwendig baie van u sal oortuig nie, want u ken my nie goed nie en behoort seker te maak van al hierdie dinge. Ek lewer egter aan u my getuienis as 'n dienaar van Jesus Christus wat aan u die *ware begrip* gee van die Bybel se profesieë en van God se lewenswyse. Ek hoop dat dit u sal *aanspoor* om ten minste aandag te gee aan hierdie saak en om tot die slotsom te kom dat God werklik is. Hy gryp in – nie slegs in wêreldgebeure nie – maar ook in die genesing van Sy mense wat bereid is om hul geloof en vertrouwe in Hom te stel, soos beskryf in Jakobus 5:14-16 en vele ander plekke in die Bybel.

God se lewenswyse WERK!

Nog 'n rede waarom ek weet daar is 'n ware God, is omdat Hy vir ons 'n *lewenswyse* uiteengesit het wat werk! Dit is 'n lewenswyse wat aan ons gemoedsrus, geluk, sukses, en uiteindelik, die *ewige lewe* sal bring – indien dit opreg gevolg word. Ons by die *Wêreld van Môre* leer daardie lewenswyse deur ons hele panorama van televisieprogramme, tydskrifte, boekies en webtuistes. Indien u nog nuut is ten opsigte van hierdie Werk, of die Waarheid van die Bybel, maak seker dat u 'n *gratis kopie* van ons lewensbelangrike boekie, *Hervestig die CHRISTENSKAP*

van die APOSTELS, aanvra. Dit sal baie aan u bekend maak aangaande die ware *lewensweg* soos verkondig deur Jesus Christus en Sy apostels. *Baie min mense vandag verstaan dit*. U kan ook u *gratis eksemplaar* van ons boekie, getiteld *Die Tien Gebooie*, aanvra. Saam sal hierdie boekies werklik u oë open vir 'n wonderlike *lewenswyse* wat baie min mense vandag van weet – selfs die meeste van diegene wat hulself “Christene” noem – omdat Satan die duiwel die meeste mense wat vandag leef, verblind het, soos dit duidelik in u Bybel verduidelik word (Openbaring 12:9; 2 Korintiërs 4:3-4; Efesiërs 2:2).

Vir meer as 60 jaar in God se Kerk het ek persoonlik gesien dat mense – volgens *die mate* waarin hulle God se lewensweg volg en die Tien Gebooie werklik *gehoorsaam*, deur Christus wat in hulle leef – geseën word. Natuurlik sal hulle, soos God duidelik aantoon, beproewings en toetse ondervind. Alle Christene ervaar dit. Hulle sal nogtans gemoedsrus ontwikkel, baie meer insig kry en 'n positiewe geloof dat God met hulle is. Hulle sal die moed ontwikkel om Sy wil te doen en om hulself voor te berei vir die ewige lewe deur die Gees van God wat in hulle werk.

Let op wat Koning Dawid van ouds geïnspireer was om aan ons te sê. “Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil! Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom

Vervolg op bladsy 26

Te groot om te faal?

Deur Rod McNair

Terwyl die 100ste herdenking van die ramp van die Titanic nader kom, wat hou die toekoms in vir die Engelssprekende nasies? Lê daar 'n kalm vaart voor, of 'n dreigende ramp? U behoort te weet!

Die bou van die *RMS Titanic* was 'n ingenieurswonder. Die groot romp was tydens konstruksie, volgens berigte, die grootste beweegbare mensgemaakte struktuur in die wêreld. As gevolg van sy ontwerp volgens die heel nuutste metodes, het die tydskrif, *Shipbuilder*, dit besing as “bykans onmoontlik om te sink”. Nogtans, op 15 April 1912, het die magtige *Titanic* 'n ysberg getref en twee myl na die bodem van die Atlantiese Oseaan gesink, slegs vyf dae na aanvang van haar nooiensvaart, wat meer as 1,500 van haar passasiers dood gelaat het. In plaas daarvan om vir altyd geprys te word vir die bemeesting van die golwe, het die naam *Titanic* sinoniem geword met volslae en algehele rampspoed.

'n Honderd jaar later is Amerika, Groot-Brittanje en ander Westerse lande op 'n gevaarlike kruispad in hul gesamentlike vaart. Sommige waarnemers het ons ekonomiese en maatskaplike euwels wat al groter word vergelyk met die skeur wat die *Titanic* opgedoen het daardie verskriklike nag in 1912. Is hierdie vergelyking geregverdig? Sal Amerika weer sy voorspoed en sy internasionale grootsheid herwin? Sal

miljoene werklose Amerikaners en Britte nuwe werk vind ten spyte van gebrekkige ekonomieë? Ofsal die ontsaglike swaar las van ons nasionale sondes ons nasies uiteindelik oorweldig en kelder?

Wat van u? Hoe berei u u gesin voor vir die moeilike tye wat voorlê? Die *Titanic* was 'n eeu gelede vanaf Southampton, Engeland, op pad na New York. Dit was beskou as die grootste en luuksste skip in die wêreld. Dit het veilig en geborge **voorgekom**. Alhoewel dit ten volle voldoen het aan die maritieme regulasies van die dag, was daar ernstige probleme. Die *Titanic* het byvoorbeeld nie genoeg reddingsbote aan boord gehad om al die passasiers op een slag te akkommodeer nie. Die 16 bote en vier “voubote” kon slegs 1,178 mense akkommodeer – terwyl die skip meer as 3,300 kon dra. Die bemanningslede was nie opgelei om die nuwe Marconi draadlose radio aan boord ernstig op te neem nie. Hoewel die bemanning van die *Titanic* in die donkerte van daardie nag in April waarskuwings van ander skepe ontvang het, het hulle nagelaat om dit wat hulle hoor, ernstig op te neem. Teen die tyd wat die bemanning uiteindelik die

ysberg gesien en probeer vermy het, was dit te laat.

Neem ons die waarskuwings wat ons hoor, ernstig op? Op wiese waarskuwings moet ons ag slaan? Tot watter mate is u bereid om u toekoms te waag, gebaseer op die woorde van hedendaagse sogenaamde ekonomiese en finansiële “kundiges”? Hoeveel kan u op u werk of werkgewer staatmaak om daar te wees wanneer tye moeilik raak? Wat van u land se regering – kan u daarop staatmaak as 'n veiligheidsnet om aan u behoeftes te voorsien, terwyl baie nasies **self bankrot speel**? Waarheen kan u u wend in die moeilike tye wat kom?

Water sypel in

Die probleme wat ons nasies in die gesig staar, is legio en dit vermeerder by die dag. Ons politieke stelsels werk nie en is vol geveinsdheid. Amerika voer regoor die wêreld veragtelike vermaak uit, wat skande bring oor diegene wat voorgee dat hulle in God glo. Die tradisionele huwelik en gesin is besig om tot niet te gaan. Miljoene mense het verlamme sedelike probleme. Pornografie is epidemies. Ons stede is

gevaarlik. Baie kinders word groot met geen rigting of leiding nie, en voel hopeloos en hulpeloos. Praktyke wat eens as perversie verbied was, word nou deur die wet beskerm en selfs aangemoedig. Ons samelewing aanvaar en prys selfs ongebreidelde hebsug en fokus op die self. Wêreldwye militêre verpligtings dreineer nasionale krag. *Wanneer gaan dit alles eindig? Waarheen is ons skip op pad?*

Baie mense is geskok om te hoor kenners voorspel die *val van die eens magtige Amerika*. Die ekonoom Mortimer Zuckerman het teen die gevaar van 'n dubbele duikslag resessie gewaarsku toe hy geskryf het: “Die prognose vir Amerika is veral ontmoedigend. Ons het te swaar gesteun op surplus besparings uit die buiteland, en boonop lopende massiewe huidige rekening-tekorte opgehoop. Tot onlangs het ons tekorte van hierdie aard slegs opgehoop wanneer ons gewikkel was in 'n titaniëse stryd ... maar nou hoop ons jaarlikse tekorte op van \$1.4 biljoen, sowat 10 persent van die totale ekonomie ... Amerikaanse uitsonderlikheid duur voort. Ons moet egter ons disfunksionele en verkwistende regering aanspreek. Amerika is gebou op die beginsel om 'n beter lewe vir ons kinders en kleinkinders te skep. Ons kan dit doen. Ons doen dit nie” (*The Danger of a Global Double-Dip Recession Is Real*, *USNews.com*, 29 November 2010). Die waarskuwings is ernstig en die

gevaar is werklik. Luister iemand tog? Stuur iemand ons weg van die ysberg af?

Niall Ferguson, professor in geskiedenis aan Harvard, het onlangs gewaarsku dat 'n finansiële afswaai katastrofies kan word wanneer dit geloof in die finansiële stelsel ondergrawe. “Die getalle ... kan op sigself nie Amerikaanse krag ondergrawe nie, maar hulle kan meewerk om 'n lank-aanvaarde geloof in Amerika se vermoë om enige krisis te trotseer, verswak. Tans verwag die wêreld nog steeds dat Amerika sal deursukkel ... maar een dag sal 'n skynbaar toevallige stukkie slegte nuus – dalk 'n negatiewe verslag deur 'n graderingsagentskap – die hoofskrifte haal ... Skielik sal dit nie net 'n paar boekwurms wees wat bekommerd is oor die volhoubaarheid van die Amerikaanse fiskale beleid nie, maar ook die wye publiek, om nie eens te praat van beleggers in die buiteland nie. **Dit is hierdie skuif wat beslissend is: 'n Komplekse plooibare stelsel is in groot moeilikheid wanneer die komponente waaruit dit bestaan, geloof in sy lewensvatbaarheid verloor**” (*Complexity and Collapse: Empires on the Edge of Chaos*, *Foreign Affairs*, Maart-April 2010).

Wat hierdie kenners sê, is dat, terwyl *Amerika* die goeie luukse passasierskip regop en seewaardig voorkom is, dit eintlik **besig om te sink**. Die omkanteling kan skielik kom, skynbaar sonder waarskuwing.

Die profeet Jesaja waarsku die nasie van Israel: “... daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom” (Jesaja 30:13). Relatiewe kalmte kan *ons mislei* van die werklike gevaar – wat skielik kan voorkom. Dit is nie nou tyd om laks te wees agter die stuur nie.

In 2000 het Igor Panarin, 'n voormalige KGB-ontleder en dekaan van die Russiese Ministerie van Buitelandse Sake se Akademie vir diplomate, voorspel dat Amerika binne tien jaar ineen sal stort. Vir die grootste deel van die afgelope dekade, is hy gespot en verontagsaam. Toe die finansiële chaos van 2008 egter plaasvind, het mense begin kennis neem. Panarin het gereken dat grootskaalse immigrasie, ekonomiese agteruitgang en morele verval teen Junie 2010 'n burgeroorlog en die ineenstorting van die dollar sal veroorsaak. Hy het voorspel dat Amerika in ses afsonderlike stukke sal verbrokkel.

Die Verenigde State van Amerika is natuurlik nog verenig. Panarin was ten minste verkeerd met sy tydsberekening. Beteken dit dat sy voorspelling oor die verval verkeerd is? Of is dit sy tydsberekening wat verkeerd is, maar dat die *toestande* nog steeds ryp is vir 'n ineenstorting soos die een wat hy voorspel het?

Die wyse koning Salomo skryf: “'n Skrande mens sien die onheil en verberg hom, maar die

eenvoudiges gaan verder en word gestraf” (Spreek 22:3). God wil hê dat ons gewaarsku moet word oor die ysberge wat voorlê en onself voorberei teen rampe! Jesus Christus bevestig hierdie beginsel toe Hy sê: “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie” (Lukas 21:34). Ons Verlosser raai ons aan om nie verstrengel te raak in sonde, vernietigende gewoontes, en waardelose strewes nie. Hy daag ons uit om gereed te wees vir *groot dinge wat binnekort sal gebeur*. Hy verduidelik namate ons verder lees: “Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. **Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan**” (Lukas 21:35-36).

Besig om te sink?

Min mense besef vandag die Bybel **verduidelik** die skitterende opgang van Amerika en Engeland gedurende die afgelope 200 jaar – en **voorspel** 'n rampspoedige val tensy daar nasionale bekering is. Die sleutel tot hierdie begrip is dat Amerika en Engeland – sowel as die ander nasies van Britse afkoms – die hedendaagse afstammeling is van die antieke stam van Josef, die seun van Jakob/Israel.

Wat voorspel God, sal met Josef se nakomeling gebeur in

die laaste dae? “Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur” (Génesis 49:22). Groot Brittanje en Amerika sou geseënd wees met enorme ekonomiese welvaart, so oorvloedig dat sy vrugbare seëninge na ander lande regoor die wêreld sal oorspoel.

Dit is presies wat gebeur het, met God as die bron van daardie seëninge: “... van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (verse 25-26). Hierdie nasies sou verder ook die militêre oorhand hê (Génesis 49:23-24) en die poorte van hul vyande besit (Génesis 24:60).

Is hierdie seëninge dus voorspel om vir ewig te duur? *Nee!* Ons groot “luukse passasierskip” van rykdom en welvaart *stuur af op 'n ramp*. As gevolg van nasionale sondes, sal die moderne afstammeling van Josef die meeste ly ten tye van die geprofeteerde tyd van verdrukking. “Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy geboie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, dan sal al hierdie vloekte oor jou kom

en jou inhaal. Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld. Vervloek sal jy wees jou mandjie en jou bakskottel” (Deuteronomium 28:15-17).

God profeteer dat die moderne afstammeling van antieke Israel onoorkomelike probleme sal ervaar om elke hoek en draai – in die stad, op die platteland, oral! Oeste sal misluk. Reën sal wisselvallig wees. Siektes sal meer en meer toeneem. Droogte en brande sal gevolg word deur te veel reën en oorstromings (vers 22).

Klimatoloë in Amerika berig dat 2011 die ergste jaar op rekord was, wat uiterste weerstoestand betref, met 'n dosyn weerverwante “gebeure” wat minstens \$1 miljard elk in Amerika alleen gekos het. (“*Will 2012 top 2011 for record weather disasters?*”, Reuters, 27 Desember 2011). Hoe lank sal dit duur voordat die Amerikaners en Britte erken dat *God besig is om ons aandag te probeer trek?* Selfs nou, met uiterste weerstoestand, is ons die mees ryklik geseënde mense op aarde. Vandag meet ons ons rampe in dollars en skade aan eiendom – nog nie in *die tien duisende mense wat dood is*, soos in ander lande wat deur rampe getref is nie. *Hoe lank sal dit duur voor God ons sal laat sink as 'n gevolg van toenemende nasionale en persoonlike sondes?*

Die orkes bly speel ...

Wat doen baie mense terwyl water in ons skip begin “in-

sypel”? Miljoene Amerikaners, Britte, Australiërs, Kanadese, Nieu-Seelanders en Suid-Afrikaners is vasgevang in deurlopende self-gefokusde verslawing, soos aan pornografie. Amerika lewer by verre die grootste deel van die wêreld se Internet pornografie beskikbaar – na raming tot so hoog as 89 persent. Wat 'n skandelike statistiek vir 'n sogenaamde “Christelike” land! Hoe lank voor die Almagtige God die verrotting beëindig deur die skip te laat omkantel?

Hoeveel moderne Israeliete is, ten spyte van ernstige ekonomiese probleme, verlore in 'n dolle gejaag na verbruikerskultuur? Terwyl water *figuurlik in ons oorhellende vaartuig instroom*, is ons besig om ons tyd en lewe te vermors met 'n obsessie na goedere en die verkryging daarvan? Vermors ons selfs nog meer tyd deur verdiep te raak in 'n eindelose reeks elektroniese media? Christus waarsku ons teen hierdie denkwys: “Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15). Die rykste passasier op die *Titanic* – te midde van baie ryk en invloedryke figure – was John Jacob Astor IV. Hy en ander welgesteldes en invloedryke persone, het vergaan aan boord van die gedoemde skip. Hulle rykdom het hulle nie gered nie. *Ons besittings sal ons ook nie red nie!*

God waarsku: “En al hierdie vloeke sal oor jou kom ... en hulle

sal by jou 'n teken en 'n wonder wees, en by jou nageslag tot in ewigheid. Omdat jy die HERE jou God nie met vreugde en vrolikheid van hart weens die oorfloed van alles gedien het nie” (Deuteronomium 28:45, 46-47). Dit is tyd om wakker te word! Die skip is besig om te sink! Ons skip is besig om te sink omdat, ten spyte van ons seëninge, *ons geweier het om God krediet te gee vir ons lewe, ons asem, en ons materiële sukses.*

Dinge sal *selfs nog slegter word* voordat dit beter sal raak. Omdat God se mense onwillig was om Hom met vreugde en blydskap, in oorfloed en seëninge te dien, het Hy by monde van Moses gewaarsku: Daarom “... sal jy jou vyand wat die HERE teen jou sal stuur, dien in honger en in dors en in naaktheid en in gebrek aan alles; en hy sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou verdelg het” (vers 48). Ernstige waarskuwing!

Na die reddingsbote!

So skokkend as wat dit mag klink, 'n tyd van nasionale rampspoed, omverwerping en algehele nederlaag *sal oor ons moderne Israelitiese nasies kom*. God voorspel dit. Hy gee egter ook hoop en vertroosting te midde van die waarskuwings. Hy voorspel dat, nadat moderne Israel in nasionale slawerny gaan: “Dan sal julle daarvan dan die HERE jou God soek en **vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie**

dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie” (Deuteronomium 4:29-31). In die laaste dae sal God *diegene hoor wat met opregte berou na Hom uitroep!*

Hoekom dan wag? Waarom Hom nie nou soek nie? Ter wille van onself, en ter wille van ons gesinne, waarom nie nou begin om waaragtig tot God te bid en uit te vind wat ons verkeerd gedoen het nie (Openbaring 21:8)? Hoekom nie onself *nou* verootmoedig en ons bekeer van ons sondes nie?

Vir die eindtyd voorspel Jesus oorloë, hongersnood, godsdienstige misleiding en vervolging, asook die verdrukking. Hy beklemtoon egter ook: “Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. En hierdie evangelie [“goeie nuus”] van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Mattheüs 24:13-14).

Die Skrif gee aan ons die bemoedigende nuus dat daar binnekort *wel* 'n beter wêreld kom. Ná die donker dae wat binnekort voorlê, sal 'n helderder dag *aanbreek* wanneer Christus persoonlik sal kom om oor die planeet Aarde te regeer. Hy sal 'n *einde maak aan alle opstand en ongehoorsaamheid* en regeer in

geregtigheid en onpartydigheid (Jesaja 2:4) tot die voordeel van die ganse mensdom.

Baie mense op die *Titanic* het gespot en geskerks toe die bemanning vir die eerste keer die bevel gegee het dat die reddingsbote ontplooi moet word. Dit het toe nog gelyk of die skip seewaardig is, selfs nadat dit 'n doodskoot toegedien is – 'n 100-meter skeur onder die waterlyn. Om die waarheid te sê, die *Titanic* het eers 'n paar uur later gesink. Aanvanklik het dit gelyk of om in 'n klein reddingsbootjie te klouter en in die uitgestrekte duisternis van

die oseaan neergelaat te word, 'n powere alternatief is vir aanbly op die relatiewe veiligheid van die skip. Op die ou ent was dit tog 'n baie veiliger keuse.

Moenie geflous word deur die bedrieglike kalmte nie – die boodskap dat alles sal voortgaan soos dit altyd was (2 Petrus 3:3-4). Die waarheid is, daar **kom** 'n dag van afrekening (Mattheüs 24:21-22)! Tensy die moderne afstammeling van antieke Israel hul *met diepe berou na die God wat ons geskape het wend*, is ons skip op pad na vergetelheid.

U hoef egter nie onverhoeds

betrap te word nie! Gehoorsaam God se bevele. Bou 'n verhouding met Hom, bid tot Hom en wandel daagliks met Hom. Bly naby God en fokus op Sy woorde om u te lei in elke aspek van u lewe. “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5-6). Laat Jesus Christus die “bewerker” van u saligheid wees (Hebreërs 2:10) en die Meester van u lewe. Onthou ook: *Geen skip is onsinkbaar nie, geen nasie is te groot om te faal nie.* **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Hebsug!

meer – dit maak die gierigaards slawe van hulle rykdom, eerder as meesters. “Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie; ook dit is dan tevergeefs” (Prediker 5:9).

In teenstelling hiermee kan diegene wat hard werk en voorspoedig is in hul arbeid op 'n *regte en gebalanseerde* wyse, geseënd wees as hulle dit doen. “Ook vir elke mens aan wie God rykdom en skatte gegee het, en wat Hy in staat stel om daarvan te eet en sy deel te neem en hom te verheug by sy moeitevolle arbeid, is dit 'n gawe van God” (Prediker 5:18). As 'n goeie Vader wil God seëninge vir sy kinders hê en daardie seëninge sluit nie welvaart uit nie.

Gee vs. neem

Die **HAT** definieer hebsug as

'n “sterk begeerte om dinge te besit; gierigheid, inhaligheid”. Hebsug is 'n *buitensporige begeerte* om iets te verkry, gemotiveer deur begeerlikheid – 'n oortreding van die Tiende Gebod – dus is dit sonde. Die apostel Paulus skryf dat geen gierigaard die Koninkryk van God sal beërwe nie (1 Korinthiërs 6:10). Die rede hiervoor is dat 'n gierigaard gefokus is op die eie-ek en “om te neem”, terwyl God liefde is en uitgaande besorgdheid vir andere het. “Gee” is inherent aan God se karakter, en so sal dit wees met God se kinders in Sy Koninkryk.

Jesus waarsku ons teen hebsug. “En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie” (Lukas 12:15). Net so het die apostel Paulus verkondig dat hebsug –

gierigheid – nie gevind moet word in 'n Christen nie. “Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam” (Efesiërs 5:3). Hy het verduidelik dat 'n hebsugtige, gierige persoon nie in die Koninkryk van God sal wees nie (vers 5). Gierigheid behoort nie gevind te word in diegene wat verorden is tot Christelike diens nie; Paulus skryf aan Timótheüs dat ouderlinge en diakens “geen geldgierige” moet wees nie (1 Timótheüs 3:3,8).

Ons sien deesdae die verskynsel van baie ryk mense wat reëliger tref “om iets terug te gee”. Biljoenêrs soos Microsoft se Bill en Melinda Gates en Warren Buffet van Berkshire Hathaway, Inc. het hulle verbind tot honderde miljoene dollars vir liefdadigheidsdoeleindes. Dit lyk

Vervolg op bladsy 15

Londen Roep

Sal Brittanje die Europese Unie verlaat?

Deur Rod King

Is Groot-Brittanje besig om die Europese Unie (EU) te verlaat? Die meeste kenners sal sê dat dit onwaarskynlik is. In die lig van onlangse gebeure, kan dit egter gebeur – *met of sonder* Brittanje se eie toedoen.

Waarom?

Omdat daar fundamentele verskille is in die manier waarop baie Britte hul plek in Europa sien, in vergelyking met hulle kontinentale bure. Dit wil voorkom of daardie verskille meer duidelik gedefinieer word, namate die Frans- en Duitsgeleide EU meer en meer besluite neem wat die Britte voel teen hul belange is.

“Euro-skeptici” (soos diegene genoem word wat skrikkerig is vir Britse lidmaatskap van die EU) is nog steeds nie goed verteenwoordig in die regerende koalisie van die Konserwatiewe en Liberale Demokrate nie. Toe die Parlement in Oktober 2011 gestem het oor die toestaan van 'n referendum wat die Britte sou kon toelaat om aan te dring op hul land se onttrekking uit die EU, was die uitslag 483 daarteen gekant en 111 was ten gunste van die voorstel. Dit is duidelik dat die meerderheid Britse politici binne die Europese Unie wil bly. Die “Eurofiel” sê dikwels: “Ons lot lê by Europa”.

Wat dink die Britse bevolking egter?

Volgens 'n meningspeiling wat deur die koerant, *Guardian* op 24 Oktober 2011 uitgevoer is – dieselfde dag waarop die Parlement gestem het – is hul sienswyse heeltemal anders. Sewentig persent van diegene wat ondervra is, wou 'n referendum hê vir die hele Verenigde Koninkryk, om te besluit of die unie verlaat moet word of nie. Slegs 23 persent het gesê hulle wil nie 'n volkstemming hê nie. Van diegene wat gevra is, het 49 persent gesê hulle sou stem dat Brittanje die EU moet verlaat, terwyl 40 persent sou stem om te bly.

Ten spyte van hierdie verskil van mening tussen politici en die publiek, indien die persentasie Britte wat onttrekking uit die EU voorstaan sou styg tot meer as 50 persent, sal dit moeilik wees vir enige noemenswaardige party om die feit te ignoreer. Is daar dus bepalings in die Verdrag van Lissabon vir 'n lidland om te onttrek? Ja, daar is. Die verdrag, wat in 2008 deur die lidlande van die EU aanvaar is, stel 'n paar interessante bepalings vir enige land wat graag wil onttrek uit die Unie.

Onder “Finale bepalings” van die Verdrag oor die Europese Unie (Titel VI, Artikel 50, paragraaf 1 van die Verdrag), lees ons: “Enige Lidland van die Unie mag besluit

om te onttrek, ooreenkomstig sy eie grondwetlike vereistes”.

Paragraaf 2 voeg egter by: “In die lig van die riglyne wat deur die Europese Raad voorsien is, sal die Unie egter met daardie staat onderhandel en 'n verdrag sluit wat die reëlings vir sy onttrekking uiteen sal sit, met inagneming van die raamwerk vir die land se toekomstige verhouding met die Unie”. Met die oog op hierdie bepaling, het sommige kommentators daarop gewys dat die Raad die uittrede so oordrewe en duur kan maak vir enige lidstaat wat wil uittree, dat dit beter sal wees om binne die Unie te bly. Dit mag vir Brittanje net te duur wees om uit te tree.

In 1975 het die Britse publiek tot 'n soortgelyke stemming oorgegaan en 67 persent het verkies om binne die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG), die voorloper van die Europese Unie, te bly. Nou, byna 40 jaar later, is die Britse publiek nie so seker soos destyds, oor die voordele daarvan om verbind te wees aan die Europese Unie nie.

Brittanje sê: “Non!”

Op 'n onlangse vergadering van die leiers van die EU in Brussel, het David Cameron 'n plan geveto om 'n transaksie-

belasting teen EU finansiële instellings in te stel. Die Britte sien die belasting as 'n poging van die Duits- en Frans-geleide EU om Londen as 'n wêreldfinansiële sentrum te kniehalter en 'n gedeelte van die opbrengs op te raap. Hulle vrees dat so 'n stap sal lei tot groot Britse werk- en belastingverliese, terwyl dit hierdie globale sake tot heeltemal buite die EU sal dryf na iewers meer mededingend.

Brittanje se verhouding met Europa is lank reeds op dun ys. Baie mense onthou nog hoe die Franse President, Charles de Gaulle, die Britte afgejak het in 'n toespraak op 16 Mei 1967. Hy het gesê: “Ons verstaan om watter rede Brittanje – wat nie deel van 'n vasteland is nie, as gevolg van die Statebond en omdat sy 'n eiland is, verbind bly aan verpligtings ver anderkant die see, wat ook gekoppel is aan Amerika deur allerhande soorte spesiale ooreenkomste – nie ingeskakel by 'n Gemeenskap met vaste dimensies en streng reëls nie”. Sy hele toespraak het bekend geword as “*Le Grand 'Non*” (vertaal as “Die Groot 'Nee”).

Wedywering tussen Brittanje en Frankryk is niks nuuts nie. Dit is belangrik om te onthou dat Groot-Brittanje beheer verkry het oor waardevolle Franse gebiede tydens sleutel-gebeure in die wêreldgeskiedenis. Met die Verdrag van Parys in 1763, wat gevolg het op die Sewejaaroorlog, moes Frankryk feitlik al sy Noord-Amerikaanse grondgebiede oos van die

Mississippi-rivier, aan Brittanje afstaan. Die Franse ontdekkingsreisiger, Jean-François Laperouse, het in 1788 in Botany Bay, Australië, aangekom, net 5 dae nadat die Britse koloniale Eerste Vloot daar geland het. Die verowering van Kaapstad gedurende die Napoleontiese oorloë het Frankryk 'n vastrapplek in Suider-Afrika ontnem.

Waarom het hierdie dinge gebeur? Brittanje se opkoms word in Bybelprofesie voorspel! Indien u dit nog nie gedoen het nie, vra asseblief u gratis eksemplaar van ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* aan. U kan dit op Internet bestel by www.wvm.co.za of van die streekskantoor die naaste aan u (gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

Sal Groot-Brittanje dus die Europese Unie verlaat? Vir baie dekades het die *Wêreld van Môre*-tydskrif en sy voorgangers in hierdie Werk, verkondig dat Brittanje nie onder die laaste “tien nasies” sal wees wat “hulle krag en mag [sal] oorgee aan die dier” nie. Openbaring 17:12-13 sê aan ons: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier”. Die “dier” is die Bybelse naam vir die leier van 'n kragtige eindtydse politieke eenheid wat Europa en uiteindelik die hele wêreld sal oorheers.

Tot en met vandag het hierdie “tien konings nog geen koningskap ontvang” nie. Dit dui daarop dat, vir die finale eindtydse profesieë om waar te word, daar dalk 'n heeltemal ander kaart van Europa sal wees as die een waarmee ons nou vertrou is. Sal party nasionale grense dalk skuif? Kan daar dalk 'n herinstelling van die ou koninklike huise van Europa wees? Ons kan nog nie hierdie besonderhede duidelik sien nie. Ons kan egter met sekerheid sê uit Bybelse profesie: Brittanje sal nie een van die tien koninkryke wees nie.

Hoekom nie?

Een antwoord is dat die tien konings “een gesindheid” sal hê (vers 13). Oor die algemeen is Europa tradisioneel Rooms-Katoliek in sy denke. Brittanje, aan die ander kant, is gevorm deur sy Protestantse agtergrond. Brittanje was 'n voorstander van vrye denke, parlementêre demokrasie en liberale ekonomiese beginsels. In teenstelling hiermee was groot dele van Europa regeer deur totalitêre regerings waar arbeid en handel onder die beheer is van 'n kragtige leier. Profesie dui aan dat – soos in die dae van die Heilige Romeinse Ryk – die Kerk en Staat weer oor die vasteland sal regeer, ondersteun deur tien magtige “konings” wat hulle mag en krag aan die dier sal gee.

Sal Brittanje die Europese Unie verlaat? Hul mag bes moontlik geen ander keuse hê nie. Engeland mag hulself uitgesluit vind deur 'n nuwe

Europese mag wat nog gevestig moet word.

Regdeur 2012 en daarna, moet studente van Bybelprofesie ontwikkelings in Europa dophou. Besluite wat deur die Europese

leiers geneem word sal u beïnvloed, waar u ook al mag woon. Kyk aandagtig wat met Groot-Brittanje gebeur namate dit meer en meer aangeval en selfs geïgnoreer word deur hul

Europese "bondgenote". Brittanje mag dalk nie dadelik die Europese Unie verlaat nie, maar dit sal nie onder die finale tien konings wees wat hul mag sal oorgee aan die dier nie. **WVM**

Vervolg vanaf bladsy 12 – Hebsug!

of mense se gevoel van eiewaarde op die ou end bepaal word deur wat hulle in die lewe gegee het, nie deur wat hulle ontvang het nie. Die mensdom se manier is om te neem. God se manier is om te gee. "Gee" is beter!

'n Antwoord aan Gordon Gekko

In die fliek *Wall Street*, het Gordon Gekko in die tronk beland omdat hebsug sy begeerte aangevuur het om oormatige risiko's te neem en uiteindelik die wet te oortree. Alhoewel Gekko 'n fiktiewe karakter was, was hy geskoei op 'n werklike finansier, Ivan Boesky, met 'n soortgelyke geskiedenis. Boesky is in 1986 skuldig bevind aan binnekring handel – sommige daarvan skaamteloos en blatant, soos die aankoop van groot blokke aandele in 'n maatskappy slegs dae voor sy korporatiewe oorname aangekondig is. Hy was beboet met \$100 miljoen en is na die federale tronk gestuur.

Slegs enkele maande voordat hy erken het dat sy gierigheid hom aangespoor het tot wandade, het Boesky 'n aanvangstoespraak vir MBA-studente aan die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, gelewer. Hy

het aan hulle gesê: "So tussen hakies, hebsug is in orde. Ek wil hê dat julle dit moet weet. Ek dink gierigheid is gesond. 'n Mens kan gierig wees en nog steeds goed voel oor jouself".

Die tronke is vol van baie hebsugtige, gierige mense en die magtiges het dikwels geval as gevolg van hulle gierigheid. Op 'n positiewe noot, daar is berig dat Boesky, ná sy tronkstraf uitgedien is, die godsdien van sy opvoeding aanvaar het en hom toegespits het om 'n meer sedelike lewe te leef as voorheen.

Alhoewel daar baie mense is wat nie die les geleer het nie, erken suksesvolle sakemanne dat hebsug nie "goed" of "gesond" is nie en dat dit nie maak dat mens "goed voel oor jouself" nie. Gierigheid maak mens eerder onbekwaam! 'n Oormatige begeerte na wins veroorsaak dat 'n persoon onredelike risiko's neem vir die beskikbare belonings. As gevolg hiervan is hebsugtige persone dikwels ongebalanseerd in besigheid en is hulle geneig om slegte besluite te neem, gemotiveer deur 'n begeerte om vinnig ryk te word, sonder inspanning vir die poging wat nodig is vir eerlike wins. "Die begeerte van die luiaard sal hom

doodmaak, want sy hande weier om te werk; die hele dag deur word daar dringend begeer, maar die regverdige gee en hou nie terug nie" (Spreuke 21:25-26).

Waarom hierdie tydskrif gratis is

Die Bybel sê: "Koop waarheid en verkoop dit nie" (Spreuke 23:23). In navolging van hierdie goeie raad, word die *Tomorrow's World* en *Wêreld van Môre*-tydskrifte, die *TomorrowsWorld.org* en die *www.wvm.co.za* webtuistes, ons beeldsendings en ons leesstof alles gratis aan die publiek verskaf – dit word nie verkoop nie. U sal nooit gevra word om vir enigiets te betaal nie. Dit word alles moontlik gemaak deur die tiendes en die offergawes van diegene wat vrywillig gekies het om skenkers en medewerkers te wees om aan al die nasies Christus se ware Evangelie van die toekomstige Koninkryk van God te verkondig.

"God is liefde" en om te gee is eie aan Sy karakter. Sy Kerk is dus ook daarop gefokus om te gee, nie om te ontvang nie. Om meer te leer aangaande daardie Kerk, lees gerus ons insiggewende boekies, *Waar is God se ware Kerk vandag?* en

Vervolg op bladsy 26

Die heelal en U!

Deur Richard Ames

**Foto's vanuit die ruimte onthul ongelooflike sterrestelsels en nebulae [newelvlekke].
Wat het dit met u toekoms te doen?**

Die mens word baie beperk deur tyd en ruimte, nogtans het ons 'n begeerte om ons heelal te verken. Daardie ingebore drang het gelei tot die Apollo Ruimteverkenningprogram in die 1960's. Op 20 Julie 1969 het Neil Armstrong en Edwin "Buzz" Aldrin, Jr. op die maan geloop. Hulle het 21 uur daar spandeer en na die aarde teruggekeer met 21 kg. maanrots. In Desember 1972, het Apollo 17 op die maan geland. Ruimtevaarders Eugene Cernan en Harrison Schmitt was die laaste van 12 Amerikaners wat die maan se geheimsinnige oppervlak bewandel het.

Sedertdien was niemand terug daarheen nie.

Op 15 April 2010 het die Amerikaanse President, Barack Obama, 'n belangrike toespraak gelewer by die Kennedy Ruimtesentrum in Florida om 'n verandering in die Amerikaanse ruimtebeleid aan te kondig. Hy het verklaar: "Vroeg in die volgende dekade sal 'n groep bemande vlugte die stelsels uittoets en beproef wat nodig is vir verkenning buite die Aarde se lae wentelbaan. Teen 2025 verwag ons nuwe ruimtetuie wat ontwerp sal wees vir lang vlugte, wat ons sal toelaat om te begin met die heel eerste bemande vlugte verder as die maan, diep die ruimte in. Ons sal dus begin deur ruimtevaarders, vir die

eerste keer in die geskiedenis, na 'n asteroïde te stuur. Teen die middel van die 2030's, glo ek, sal ons mense kan stuur om in 'n baan om Mars te wentel, en hulle weer veilig terugbring na die Aarde. Daarna sal 'n landing op Mars volg. Ek verwag om hier rond te wees omdat te sien".

Ander nasies is ook besig met ruimteverkenning. China is vinnig besig om Amerika en Rusland in te haal. In Oktober 2003 het die Volksrepubliek van China sy eerste "taikonaut" die ruimte in gelanseer. Slegs Rusland en Amerika het voorheen 'n man die ruimte in gelanseer. In 2007 het twee Chinese ruimtevaarders 'n reeks "buite-ruimtetuig aktiwiteite" – algemeen bekend as "ruimtwandelings" – uitgevoer. In Desember 2011 het Chinese wetenskaplikes hul eerste suksesvolle koppeling tussen 'n wentelende platform, Tiangong-1, en 'n ruimtetuig, die Shenzhou-8, gevier. China beplan om vervolgens 'n 60 ton bemande ruimtestasie te bou wat teen 2016 wetenskaplikes in staat sal stel om navorsingsprojekte in die ruimte uit te voer.

Wat is die mens?

Die mens word gefassineer deur die heelal en dit hoort ook so. Ons is 'n deel van God se groot skepping. Koning Dawid

van ouds het hom verwonder oor sy plek in die kosmos. As 'n jong skaapwagter het hy die heerlijkheid van die hemel elke nag aanskou. Hy skryf: "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?" (Psalm 8:4-5). Het u aan u plek in die heelal gedink – nou en in die toekoms?

So ongelooflik as wat dit mag klink, dui die Bybel aan dat die aarde en die heelal geskape is vir die mens! Trouens, koning Dawid skryf verder: "... wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon. U laat hom heers [gesag of heerskappy hê] oor die werke van u hande; U het *alles* onder sy voete gestel: skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld, die voëls van die hemel en die visse van die see, wat trek deur die paaie van die see. o HERE, onse Here, hoe heerlijk is u Naam op die ganse aarde!" (Psalm 8:5-10).

God het aan die mens heerskappy gegee oor die fisiese aarde en sy skepsels. Ons is veronderstel om te leer hoe om dit as getroue rentmeesters te bestuur, te beheer en te dien. Waarom het

God dan aan ons soveel heerskappy oor die aarde gegee? Die antwoord is verstommend. Baie mense is te bang om dit te glo, selfs al maak die Bybel dit duidelik. God gee ons nou die geleentheid om opgelei te word vir groter gesag en rentmeesterskap in die toekoms! God het 'n ongelooflike plan vir die hele mensdom. So ongelooflik as wat dit mag lyk, wil God die heelal met *u* deel! Dit is wat u Bybel openbaar! Die boek Hebreërs haal Dawid se Psalm aan: “U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak; met heerlijkheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. *Alle dinge* het U onder sy voete gestel” (Hebreërs 2:7-8).

Onder God se inspirasie voeg die skrywer dan 'n opmerking by: “Want in die onderwerping van alle dinge aan hom [die mens] het Hy [God] niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie” (vers 8, laaste deel). Dit lyk asof niks in die heelal uitgesluit sal wees van die mens se heerskappy nie. Hierdie ontsagwekkende gebeurtenis lê nog in die toekoms, maar dit is God se belofte, en is verseker!

Die Grieks vir “alle dinge” in vers 8 is *ta panta*, en beteken letterlik “die alles”. In die onbepaalde sin van die woord, beteken *ta panta* “die heelal”. God wil nie slegs aan u heerskappy oor die aarde gee nie; Hy wil die ganse heelal met u deel. Ons kan dit slegs doen

wanneer ons die ewige lewe beërwe het, wanneer ons God se onsterflike kinders word. God het 'n ontsagwekkende doel vir ons, en dit behels ons toekoms in die heelal!

Daardie doel sal ons kapasiteit en ons begrip veel wyer uitbrei as wat ons onself nou kan indink. Besef ons ons huidige beperkings? Dink ons dat ons, as asemhalende, voedsel-etende, waterdrinkende wesens baie ver die ruimte in sal kan vaar? Terwyl die planeet Mars moontlik bereik kan word teen 'n koste van miljarde dollar, is die *ster* wat die naaste aan ons sonnestelsel is – Proxima Centauri – 4,2 ligjare ver. Indien ons teen die spoed van lig kon reis, sou dit ons 4,2 jaar neem om daarheen te gaan. Ons ruimtetuie en verkennings-tuie reis natuurlik baie stadiger; Voyager 1 sal 70,000 jaar nodig hê om so ver as die afstand tussen die aarde en Proxima Centauri te reis. Ons sal nooit die ruimte kan oorwin, nog minder ver die heelal in kan reis, tensy ons deur die menslike beperkings van tyd en ruimte kan breek. Daar is egter hoop vir die toekoms! God het 'n plan vir sy kinders om tyd en ruimte **te bowe te kom!**

Wat sal u doen?

U Bybel openbaar dat God se doel vir elke man en vrou vreugde sal bring vir alle ewigheid. Wat presies sal getroue, Godvresende, ware Christene vir alle ewigheid doen? Baie belydende

Christene glo dat die menslike siel, tydens afsterwe, óf na 'n vurige hel óf na 'n salige hemel gaan, of moontlik 'n geruime tyd sal deurbring in die vagevuur voordat hulle die hemel bereik. Wat leer die Bybel werklik? Dit leer dat daar 'n menslike gees in die mens is – nie 'n onsterflike siel nie (Job 32:8; 1 Korinthiërs 2:11). “Die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Esegiël 18:4). Ja, die Bybel leer ons dat die siel kan sterf!

Jesus verklaar in Mattheüs 10:28: “... maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel [Gehenna vuur]”. Die Bybel leer ons dat siele sterflik is, nie onsterflik nie, en heeltemal vernietig kan word deur vuur. Jesus sê so. Die onboetvaardige goddelose mense sal inderdaad gepynig word, en dan in 'n poel van vuur verbrand word. Dit staan bekend as die “tweede dood” (Openbaring 20:14-15). Die tweede dood is finaal; dit is 'n dood waaruit daar geen opstanding is nie. U wil beslis nie in 'n poel van vuur gegooi word nie! U behoort die lewe te kies, en die verlossing wat God ons bied deur Jesus Christus! U behoort te bekeer en gedoop te word, soos die apostel Petrus verkondig het op die Pinksterdag (Handelinge 2:38).

God het 'n wonderlike plan van verlossing vir die hele mensdom. Hy wil hê dat *u* deel van Sy gesin moet wees, vir alle ewigheid. Paulus skryf: “Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke

geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang” (Efesiërs 3:14-15).

God is die Vader van 'n gesin. Een van die ontsagwekkendste aktiwiteite wat Christene sal beoefen, vir alle ewigheid, is geestelike samesyn met ons liefdevolle gesinslede. Dit is 'n koninklike gesin (1 Petrus 2:5, 9). Jesus Christus sal terugkom as die Koning van die konings en Here van die here. Jesus Christus sal ons dan “koningen en priesters vir onse God maak [het], en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Ja, ons sal konings en priesters wees en dien onder ons Verlosser, Jesus Christus!

Ons sal die koninkryk van God beërwe: “... en die heiliges van die Allerhoogste sal die koningskap ontvang, en hulle sal die koninkryk in besit neem tot in ewigheid, ja, tot in alle ewigheid” (Daniël 7:18). Daardie heiliges sal met Christus se wederkoms in die eerste opstanding wees. Hulle sal oor hierdie aarde heers, onder die Koning van die konings dien, en miljarde mense help. Wanneer Christus weer kom, sal ware Christene opgewek of verander en onsterflikheid gegee word (1 Korintiërs 15:51-54). Ons sal ook “die beeld van die hemelse dra” (vers 49). Ons sal heerlijkheid, mag, onsterflikheid en 'n geestelike liggaam hê.

Onthou, ná Jesus se opstanding het Hy na die hemel opgevaar en sy voorvleesgeworde glorie is aan Hom herstel, soveel so dat “sy

aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:16). Nogtans was Jesus na Sy opstanding in staat om Homself in die vlees te openbaar; Hy het aan Sy dissipels verskyn en met hulle brood en vis gedeel (Johannes 21:13). Die heiliges sal ook in staat wees om hulself aan die fisiese nasies te openbaar, tydens die Millennium. As konings en priesters, sal ons regeer en onderrig gee. Trouens, die priesters in antieke Israel was die leermeesters. Gedurende die Millennium sal ons onderrig gee in God se manier van lewe – die weg van waarheid, die weg van die Bybel, die manier van lewe wat Christus as voorbeeld gestel en geleer het. As konings en priesters, sal ons aan die wêreld die weg na vrede leer: “Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou *leraars* sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (Jesaja 30:20-21).

Heersers in God se Koninkryk

In God se Koninkryk sal koning Dawid regeer oor die huis van Israel **en** die huis van Juda, omdat die twee nasies een sal wees (Esegiël 37). Jesus het gesê dat die Twaalf Apostels oor die twaalf stamme van Israel sal regeer: “En Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die

wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe” (Mattheüs 19:28-29).

Watter ander verantwoordelikhede sal die heiliges hê? In Lukas 19 het Jesus die gelykenis van die ponde gegee en daardeur geopenbaar dat getroue Christene oor stede sal heers – party sal vyf bestuur en ander tien. Jesus het ons ook geleer dat diegene wat oorwin, oor die nasies sal heers (Openbaring 2:26). Het die stede en nasies van hierdie wêreld goddelike regering nodig? Beslis! Dit is die rede waarom ons bid: “Laat U koninkryk kom”! *U*, as deel van God se verheerlikte, onsterflike gesin, kan deel wees van die oplossing vir die wêreld se probleme!

God se Koninkryk sal op aarde regeer. Jerusalem sal die hoofstad van die wêreld wees. Luister na hierdie inspirerende profesie: “So sê die HERE: Ek keer terug na Sion, en sal midde-in *Jerusalem* woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaar: Die heilige berg” (Sagaria 8:3). Getroue Christene sal Jesus Christus dien as konings en priesters, hier op hierdie aarde –

nie bo in die hemel soos baie mense verkeerdelik leer nie! Hier is hoe die apostel Johannes die opstanding beskryf wat sal plaasvind wanneer Jesus Christus terugkeer na die aarde toe: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal *priesters* van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Openbaring 20:6).

Na die duisend jaar sal Satan die duiwel losgelaat word om die nasies te mislei. Diegene wat daardie verleier volg, sal vernietig word deur vuur uit die hemel (Openbaring 20:9). Satan en sy demone sal in die poel van vuur gewerp word (Mattheüs 25:41). Dan sal die boek van die lewe vir die eerste keer vir miljarde mense oopgemaak word, in die Wit Troon Oordeel. Dit is die tyd van die tweede opstanding – die periode van oordeel wanneer baie van u vriende en familie, wat nooit 'n werklike geleentheid vir verlossing gehad het nie, daardie geleentheid gegee sal word. Wat sal na afloop van die Wit Troon Oordeelstyd gebeur? "En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp" (Openbaring 20:14-15).

Dit is die ware "helvuur" van u Bybel. Na die Wit Troon Oordeel sal alle mense wat ooit geleef het, óf vernietig word in

die poel van vuur, óf verheerlike kinders van God word, om vir ewig in die onsterflike gesin van God te leef. Petrus skryf dat die aarde heeltemal gereinig sal word deur vuur: "Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand" (2 Petrus 3:10).

Die aarde sal hernu word, so ook die hemele. Dan sal God se hemelse troon na die gesuiwerde aarde kom: "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God" (Openbaring 21:3).

Die ganse heeal!

Let daarop dat God aan Christene nie slegs die aarde gee nie (Mattheüs 5:5) – Hy gee ook aan ons die ganse heeal: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees" (Openbaring 21:7; Romeine 8:32). God se doel is om ons voor te berei om oor die heeal te regeer. Ons sal in staat wees om in 'n oogwenk na verafgeleë sterrestelsels te reis. Ons sal nie beperk word deur tyd en ruimte nie. God wil hê dat ons die skepping moet bevry van verval en korrupsie. Soos Paulus skryf, "... dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die

heerlikheid van die kinders van God" (Romeine 8:21).

God het 'n ongelooflike lotsbestemming voorhande vir Sy getroue kinders. Ons sal vir alle ewigheid aktief, vervuld en salig gelukkig wees. Die profeet Jesaja het toe hy die koms van die Messias, en Sy ewige koninkryk voorspel het, geskryf: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërske sal dit doen" (Jesaja 9:5-6).

Wil u deel in die wonderlike toekoms wat God vir u beplan het? Sien u uit na die dag wanneer God se troon van genade na die aarde sal kom? Slegs dan, uiteindelik, sal daar geen pyn, lyding en dood meer wees nie. Johannes skryf van ons inspirerende uiteindelige lotsbestemming: "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan" (Openbaring 21:4). Dit is die ewigheid wat God vir u beplan het. Mag God u help om Sy groot liefde en doel vir u te verstaan, en om u voor te berei vir u ontsagwekkende ewige lotsbestemming! **WY!**

Hebsug!

Deur Dexter B. Wakefield

Wat leer God se persoonlike karakter ons van goeie besigheidspraktyke?

“Hebsug is goed”! Hierdie beroemde woorde, wat uitgespreek was deur die filmkarakter Gordon Gekko in die 1987 rolprent *Wall Street*, wat met die “Academy”-toekenning bekroon is, verpersoonlik 'n era toe ooglopende verbruik gesien was as 'n deug. Hoewel regisseur Oliver Stone se bedoeling met Gekko was om hom uit te beeld as 'n lafaard, het baie mense sy woorde ter harte geneem as 'n positiewe stelling van hul waardes en prioriteite.

Vandag, 'n kwarteeu later, het dinge verander. Die Gordon Gekkos in die werklike lewe het chaos in die wêreld se finansiële markte veroorsaak en ekonomiese skokgolwe deur die Verenigde State van Amerika en regoor die wêreld gestuur. “*Wall Street* hebsug [of gierigheid]” het 'n spreekwoord geword in die media en het selfs 'n politieke beweging tot gevolg gehad: “Beset *Wall Street*”.

Gekko se beroemde sinsnede was eintlik in die konteks van 'n groter toespraak gebesig. Hy het gesê: “Die punt is, dames en here, dat hebsug, by gebrek aan 'n beter woord, goed is. Hebsug is reg, hebsug werk. Hebsug verduidelik, sny deur, en vang die kern van die evolusionêre gees vas. Hebsug, in al sy vorms; gierigheid vir die lewe, geld, liefde en kennis, het die opwaartse oplewing van die mensdom gekenmerk”.

Dit omskryf sekerlik die wêreld se ingesteldheid op “neem” eerder as “gee”. Deur die jare heen het baie mense hul lewens gelei volgens spreekwoorde soos dié van Gekko. Tog is hierdie sienswyse in skrilte kontras met 'n uitgangspunt van die God van Abraham, Isak en Jakob, soos gestel in die Skrif. Eenvoudig gestel, “God is liefde” (1 Johannes 4:16). Sy liefde is toegespits op *gee*.

Die Bybel bevat baie beginsels wat ons ekonomiese gedrag ten goede kan verander. Begrip van daardie beginsels kan ons lewens – individueel en nasionaal – verbeter. Die apostel Paulus het gesê: “Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbei die swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: *Dit is saliger om te gee as om te ontvang*” (Handelinge 20:35). Gordon Gekko sou oorbluf gewees het deur Jesus se verklaring, maar dit hou die sleutel tot die begrip van God se werklike aard en karakter – asook wat Hy beoog vir Sy skepping.

Die *Wall Street* versmelting

Die fisiese “*Wall Street*” is 'n agt-blok-lange straat in die Laer Manhattan deel van New York City. Omdat die New York Aandelebeurs en sommige groot finansiële instellings daar gesetel is, het dit gebeur dat die term

“*Wall Street*” gebruik word om die finansiële sektor van die Amerikaanse ekonomie te versinnebeeld, selfs al is die meeste van die institusionele *Wall Street* nie fisies in daardie rylaan van New York City gesetel nie.

Hoe het *Wall Street*-maatskappye hulself in soveel probleme laat beland? Dink aan *Lehman Brothers*, vir dekades een van Amerika se grootste en mees gerespekteerde beleggingsbank en finansiële-dienste firmas. Saam met sy kernbesighede, het een afdeling van *Lehman Brothers* 'n manier gevind om groot winste te verdien deur van lae-koers lenings by ander banke gebruik te maak om daarmee hoë-opbrengs subprima verbande te koop. Aanvanklik het *Lehman* die hoogste moontlike kredietgradering (“AAA”), gehou, wat die firma laat baat het uit die verspreiding tussen hul lae koste lenings en die hoë opbrengste uit subprima verbande. Namate die huismark egter verswak het, het subprima verbande riskant geword en was meer blootgestel aan wanbetaling. Dit het veroorsaak dat *Lehman* se kredietgradering gedaal en sy krediteure aangedring het op terugbetaling van hul lenings. Namate verliese opgehoop het, het die firma begin om van die winsgewende beleggingsbank en finansiële-dienste afdelings te verkoop om

die verliese te dek, maar dit was nie genoeg om die finansiële implikasies te stuit nie, en die firma moes aansoek doen om bankrotskap ingevolge Hoofstuk 11.

Die skokgolwe van *Lehman* se ondergang – en soortgelyke groot inploffings by ander firmas, soos die *American International Group (AIG)* – het deur die ekonomie weerklink. Die Regering se “reddingspakkette” het *AIG* en verskeie ander maatskappye van bankrotskap gered, maar hul aandeelpryse het gedaal en hul finansies was verwoes.

Wall Street-firmas bedryf nog winsgewende beleggings-bankaktiwiteite wat 'n belangrike rol speel in die VSA en die wêreld ekonomieë. Hulle oorskotte en dramatiese daling in rykdom het “*Wall Street* hebsug” 'n prominente begrip gemaak in die publiek se gedagtes en dit sal waarskynlik 'n belangrike kwessie wees in die komende Amerikaanse presidensiële verkiesing.

‘n Baie anderse sienswyse

Wall Street het opkoms en ondergang beleef as gevolg van ekonomiese beginsels. Wat egter van die breër morele beginsels wat die samelewing lei? Toe God die antieke volk van Israel tot stand gebring het, het Hy aan Sy volk alles gegee wat hulle nodig gehad het, insluitende wyse insettinge en verordeninge wat gebaseer was op die Tien Gebooie. *Unger's Bible Dictionary* beskryf die Tien

Gebooie as volg: “Die grondslag en bron van die morele wet is God se karakter. 'Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het' is die manier waarop die Tien Gebooie ingelei word. Die Hebreeuse naam wat hier gebruik word (Ewigdurende Ewige Almagtige) gee te kenne dat die beginsels van die wet hul oorsprong het in die karakter van God. 'Ek is ... jy mag'. Dit is die verband. Dit is wat die morele wet so [ongelooflik] in sy onveranderlike verhouding maak. Dit is wet omdat God is. Dit kan nie verander word sonder om [God se] karakter te verander nie ... Geregtheid is wat dit is, want God is wat Hy is, en daarom is dit so onveranderlik soos God” (bl. 1256, “*Ten Commandments*”).

Liefdadigheid is die teenoorgestelde van hebsug, die God van Israel is 'n God van liefde en uitgaande besorgdheid vir ander. Hier is 'n voorbeeld van 'n instelling in antieke Israel wat nie net ontwerp was om nie net die armes te help nie, maar ook die welvarende: “As jy jou oes op jou land insamel en 'n gerf op die land vergeet, mag jy nie omdraai om dit te gaan haal nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees, dat die HERE jou God jou kan seën in al die werk van jou hande. As jy jou olywe afslaan, moet jy nie agter jou in die takke rond soek nie; vir die vreemdeling, die wees en die weduwee moet dit wees. As jy jou wingerd oes, moet jy agter jou nie skoon afoes nie; vir die vreemdeling, die wees en die

weduwee moet dit wees” (Deuteronomium 24:19-21).

Uit 'n ekonomiese oogpunt, is die funksionering van hierdie instelling veral interessant. 'n Grondeienaar wat sy eie land stroop, moet teruggaan nadat dit geoes is en baie bestee aan arbeid in 'n poging om elke laaste druiwekorrel, olyf en graanhalm te kry. Tog sal die koste verbonde aan die arbeid om hierdie taak deeglik te verrig, uiteindelik meer beloop as die winsgewendheid om elke deeltjie van die oes in te samel. Die grondlose armes het egter baie tyd tot hul beskikking. Dit maak dus vir hulle ekonomies sin om tyd aan te wend vir oes en om sodoende voedsel wat hulle nodig het te verkry.

Dit is duidelik om te sien hoe hierdie wet die armes gehelp het. Deur van hulle te vereis om te werk om die oorskot van die oes te verkry, gee dit nie net aan hulle voedsel nie, maar hulle behou ook hul waardigheid. Hoe bevoordeel hierdie wet dan die grondeienaars? Dit het verhoed dat hulle so ingestel was op wins dat hulle elke laaste krieseltjie van die oes uit hul lande en wingerde wou uitwing, om sodoende ander te ontnem wat die meeste daarby baat kon vind. God se wet het die grondeienaars weerhou van gierigheid, aangesien dit van hulle verwag is om “iets op die tafel te laat” vir ander mense.

In vandag se besigheids-wêreld, het mense dikwels 'n beleid van “moet niks op die tafel laat nie, nie eens die vernis nie”! Hulle laat ons dink aan hierdie

woorde uit Jesaja: “En die honde is gulsig, hulle ken geen versadiging nie; en herders is hulle wat nie weet om op te merk nie; almal loop hulle eie pad, elkeen na sy onregverdige wins, almal saam” (Jesaja 56:11). Hierdie soort aggressiewe sakelui dink dat hulle nie geslaag het tensy die ander party gely het nie. Hul benadering is om in elke situasie so veel as moontlik van ander mense te neem. Gelukkig was hierdie benadering ontmoedig – so ook die hebsugtige karakter wat dit kon ontwikkel – deur die regstelsel wat God vir antieke Israel ingestel het. Regverdigheid en eerlikheid – nie hebsug nie – was ingebou in die wet wat God aan die Israeliete gegee het.

'n Eerlike efa?

Die Agtste Gebod sê: “Jy mag nie steel nie” (Eksodus 20:15). Bykomend tot die gebod wat diefstal verbied, erken hierdie gebod dat mense privaat eiendom kan besit. Die Skrif staan respek vir ander mense se eiendom voor en wys die verkeerde motiewe uit wat diefstal, hebsug en gierigheid kan meebring. Die apostel Jakobus skryf: “Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie? Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle

bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring” (Jakobus 4:1-3).

Om die verkeerde impulse van die menslike natuur teen te werk, het God eerlikheid en integriteit in Sy insettinge ingebou. Hier is 'n goeie voorbeeld: “Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie. Julle moet 'n regte weegskaal hê, regte weegstene, 'n regte efa en 'n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het” (Levitikus 19:35-36).

In antieke Israel was 'n efa 'n droë maat van omtrent 'n maat-emmer, dikwels gebruik om graan af te meet. 'n Hin was 'n vloeistof maat van sowat nege liter. Toepassing van hierdie beginsels sal vandag verder strek as om net hoeveelhede kruideniersware of brandstof af te meet. Een moderne toepassing van die regverdige of onregverdige efa kan betrekking hê op hoe ons ons arbeid uitmeet. As ons agt ure lank by die werk is, gee ons aan ons werkgewers die agt ure se werk waarvoor hulle ons betaal – nie net ses ure se waarde nie? God se manier leer ons om aan mense die volle waarde te gee wat ons aan hulle belowe het. Dit is goddelike en goeie besigheid!

God verbied duidelik die persoonlike korrupsie wat gierigheid sal bevorder. Hy het dit gedoen omrede gierigheid ongehoord is aan Sy karakter. Hy het egter nie Sy volk verbied om te onderhandel vir 'n billike

prys of om 'n wins te maak nie. Daar is geen Bybelse vermaning teen werk vir gewin of om besig te wees met 'n produktiewe onderneming om welvaart te skep nie. Trouens, daar is dosyne Bybelse vermanings – in beide die Ou Testament en die Nuwe Testament – oor hoe om rykdom te bekom en handelsbetrekkinge te handhaaf op maniere wat mense help om beter werknemers en sake-manne te word. Onthou, God se seën is noodsaaklik vir enige onderneming. “Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe” (Deuteronomium 8:18).

Baie mense dink verkeerdelik die Bybel noem geld “die wortel van alle kwaad” maar dit staan nie in die Bybel nie. Intendeel, dit is die *liefde vir geld* wat die probleem is. Dink aan die spesifieke Skrifgedeelte wat die apostel Paulus aan die evangelis Timótheüs geskryf het: “Want *die geldgierigheid* is 'n wortel van alle euwels” (1 Timótheüs 6:10). God wil hê dat ons voorspoedig moet wees en die lewe op die regte manier moet geniet. Die apostel Johannes het sy gemeentes goeie dinge toegewens: “Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan” (3 Johannes 2).

Ongelukkig bring die najaag van rykdom vir baie mense eerder kwaad as goed, asook spanning eerder as plesier. Gierigheid is onversadigbaar – daar is altyd 'n honger na nog

Vervolg op bladsy 12

Vrae & Antwoorde

VRAAG: Wat het gekleurde eiers en donsige hasies met Christus se dood en opstanding te doen?

ANTWOORD: Enigeen wat vertrouwd is met biologie sal gou besef dat hase nie eiers lê nie! Wat het dié simbole in gemeen? Hase is bekend vir hulle reprodktiewe neiging. Eiers word beskou as 'n simbool van vrugbaarheid.

Dus, wat het vrugbaarheid met Paasfees te doen? Baie mense wat die vakansiedag vier, besef nie dat Paasfees [Easter], nie 'n Bybelse vakansiedag is nie – dit is afgelei van die voor-Christelike vieringe van lente-vrugbaarheid, gewy aan heidense godinne met name soos Ishtar, Astarte en Ostara, van wie die naam “Easter” afgelei is. Op die koop toe is diegene wat 'n woordspeling maak met “*Son rise*” en “*sunrise*”, moontlik nie daarvan bewus dat hulle Paasoggend se “sonop”-diens – terwyl hulle in die rigting van die opkomende son gedraai is tydens hulle aanbidding – direk in die Skrif veroordeel word nie. In Esegïel 8:14-16, vind ons dat die Israeliete “Tammus beween” in 'n sonsopkoms erediens, 'n gebruik wat God sê Hy verafsku.

“Wel, ons 'doop' net 'n heidense gebruik en maak dit Christelik”, mag sommige mense sê. Wat sê God egter oor daardie benadering? Die profeet Jeremia het God se baie duidelike en reguit opdrag aangeteken: “Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie” (Jeremia 10:2). Die gedeelte in Jeremia gaan voort om die vervaardiging van afgode van hout te beskryf, en maak dit dus duidelik dat God nie heidense praktyke ingevoer wil hê in aanbidding van Hom nie.

Wil God dus hê dat Christene Hom moet aanbid op Paassondag? U mag verbaas wees om te leer dat daar geen Bybelse rekord is van aanbidding op Paassondag nie, en dat daar geen sodanige opdrag is vir ons om vandag so 'n erediens te hou nie! Soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, het Christus gesterf en Hy is in die graf geplaas kort voor sononder op 'n Woensdag, net voor die aanvang van die jaarlikse Heilige Dag wat bekend staan as die Eerste Dag van Ongesuurde Brode (sien Levitikus 23:6). Ons weet uit die Skrif dat Jesus in die graf was vir drie dae en drie nagte – 72 uur – wat beteken dat hy net voor sononder op Saterdag opgestaan het! Teen die tyd dat die vroue op Sondagoggend by die graf gekom het, het Hy alreeds opgestaan (Mattheüs 28:1-8)!

Toe die skrifgeleerdes en die Fariseërs daarop

aangedring het om 'n teken van Christus se Messiaskap te sien, het Hy gesê dat Hy aan hulle “die teken van die profeet Jona” sou gee (Mattheüs 12:39; Johannes 2:19). Trouens, Hy het gesê dat dit die enigste teken is wat Hy sal gee. Jona was vir drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis, en Christus sou in die graf wees vir dieselfde tydskuur. Let daarop dat dit ook die latere “Goeie Vrydag” gebruik ontbloom as 'n onbybelse fiksie, aangesien 'n begrafnis op Vrydag sou vereis dat Christus in die graf moes wees tot Maandagaand, maar die Skrif toon duidelik dat die graf reeds leeg was toe die vroue Sondagoggend daar aangekom het.

Dus, indien Paassondag 'n valse gebruik is, en Christene nie die weë van die heidense kulture rondom hulle moet naboots nie, hoe moet Christene Christus se offer herdenk? Weereens onthul die Skrif die antwoord aan ons. Die apostel Paulus het aan Christene in Korinthe gesê: “... want ook ons paaslam is vir ons geslag” (1 Korinthiërs 5:7). Tydens Sy laaste Pasga-maaltyd saam met Sy dissipels, het Christus nuwe simbole van brood en wyn ingestel, as simbole van Sy liggaam en Sy bloed (Mattheüs 26:26-28). Paulus herinner die Korinthiërs daaraan dat die onderhouding van Pasga 'n jaarlikse herdenking van Christus se offer is. “Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Korinthiërs 11:23-26).

Christus se liggaam was gebreek vir ons fisiese genesing (Jesaja 53:5), en Sy bloed was gestort vir die vergifnis van ons sondes (Mattheüs 26:28). Christene behoort dus nie 'n nie-christelike vakansiedag met hasies en eiers en ander simbole van vrugbaarheid, wat aangeneem is uit heidense rituele, te vier nie. Hulle behoort die Pasga te onderhou, soos ons beveel is deur Christus en die Apostels, as die ware herdenking van Sy offer. **W&M**

Profesie neem

Die einde van die tyd!

Verstaan u die ontnugterende betekenis van die gebeure wat nuushoof trekke vandag maak? Ongelukkig het die moderne sekulêre media geen benul van die *ware* betekenis van die gebeure waarvoor hulle verslag lewer nie, omdat ons samelewing so *gekondisioneer* is om die enigste bron wat die toekoms akkuraat openbaar – die Bybel – te geïgnoreer! Indien u oë het om te *sien*, kan u tot die besef kom dat ons wêreld 'n *belangrike keerpunt* in die geskiedenis van die menslike beskawing nader – 'n tyd wat Bybelprofesie “die einde van die tyd” noem, wat die voorloper van die wederkoms van Jesus Christus na die aarde is. Antieke Bybelse profesieë wat lankal reeds hierdie klimaktiese tydperk voorspel het, is besig om vandag *gestalte aan te neem!*

Antieke Bybelprofesieë

Voordat Hy na die hemel opgevaar het, het Jesus Sy dissipels belowe: “Ek [kom] weer” (Johannes 14:3). Talle profesieë in die Ou Testament (Daniël 2:44-45; Sagaria 14:4, 9) en ander uitsprake van Jesus (Mattheüs 24:30; Markus 13:26; Lukas 21:27) voorspel duidelik Sy wederkoms. Hy is deur Sy dissipels gevra: “... wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” (Mattheüs 24:3), toe noem Jesus 'n *reeks gebeure* wat die naderende einde van die tydperk sal kenmerk en aandui dat Sy wederkoms naby is.

Die profetiese gebeure wat Jesus sê Sy wederkoms vooraf sal gaan, en kenmerkend sal wees van die naderende einde van hierdie tydperk, soos beskrywe in Mattheüs 24,

Markus 13 en Lukas 21, sluit wydverspreide godsdienstige misleiding in en die opkoms van militante vorms van godsdien, oorloë en gerugte van oorloë, wat gekenmerk sal word deur etniese twis en internasionale konflikte, droogtes, hongersnood, brande, oorstromings, aardbewings en soortgelyke rampe, asook wydverspreide siekte-epidemies.

Die Skrif noem die tyd wanneer hierdie ramspoedige gebeure sal toeneem in frekwensie en felheid “'n begin van die smarte” – 'n tyd soos geen ander in die menslike geskiedenis opgeteken nie (Mattheüs 24:8, 21). Hierdie ramspoedige gebeure sal lei tot wydverspreide lyding en dood – 'n kwart van die wêreld se bevolking sal direk geraak word (Openbaring 6:8). Die enigste rede waarom mense nie daarin sal slaag om hulself en alle lewe op die planeet te vernietig nie, sal die wederkoms van Jesus Christus wees. (Mattheüs 24:21-22).

Huidige gebeurtenisse

Baie wêreldlike kritici dryf die spot met profesieë en noem die Bybel 'n boek van fabels. Selfs baie teoloë sinspeel dat Bybelse profesieë slegs geestelike konsepte is wat nie na werklike gebeure verwys nie. Sulke denke beteken om mens blind te hou vir die werklikheid! Vandag leef ons in 'n wêreld wat gekenmerk word deur wydverspreide godsdienstige misleiding. Honderde sektes en denominasies gee voor om “Christelik” te wees, ten spyte van die verskillende en selfs teenstrydige idees wat hul verkondig. Baie belydende

“Christene” vier vakansiedae soos Kersfees en Paasfees, wat duidelik van heidense oorsprong is en wat Jesus en die Apostels *nooit gevier* het nie en wat die Bybel *veroordeel* (Deuteronomium 12:29-31; Jeremia 10:2). Baie mense wat hulself “Christene” noem, glo dat hulle siele hemel toe sal gaan wanneer hulle sterf, en daar sal wag om met hul liggame herenig te word. Tog sê die Bybel dat, behalwe vir Jesus, “niemand ... opgevaar [het] in die hemel nie” – nie eens Koning Dawid van ouds nie (Johannes 3:13; Handeling 2:29-34).

Sekulariste het lank reeds voorspel dat, namate die samelewing meer modern en wetenskaplik raak, godsdien sy aantrekkingskrag sal verloor. Lidmaatskap in die “hoofstroom Christelike” denominasies het inderdaad skerp afgeneem gedurende die afgelope jare. Nogtans sien die afgelope paar dekades 'n *herlewing* van sekere vorms van godsdien op 'n wêreldwye skaal. Moontlik die belangrikste van almal is veral die opkoms van militante Islam, wat nuwe gevare van intergodsdienstige konflik meebring.

Internasionale organisasies is gestig om wêreldvrede te bevorder. Die Volkerebond het gefaal in hierdie taak, en die Verenigde Nasies doen nie veel beter nie. Die mensdom se beste pogings het gefaal om te verhoed dat die 20ste eeu die *bloedigste* in die menslike geskiedenis is. Waarnemers wonder nou wat die volgende groot wêreldoorlog sal uitlok. Sal woelinge in die Arabiese wêreld militante Islamitiese groepe in

gestalte aan

beheer plaas en nog 'n oorlog in die Midde-Ooste ontketen, wat nasies buite die streek in die konflik kan insleep? Sal die finansiële probleme van die Europese nasies 'n "ekonomiese tsunami" genereer wat die politieke kaart van Europa kan herrangskik en gewapende konflik na 'n verwoeste wêreldwye finansiële stelsel bring, wat die gebeure van die 1930's wat gevolg het na die Groot Depressie, weerspieël? Sal etniese twis in Afrika, die Balkans en die Asiatiese subkontinent nasies in gevaarlike aggressie intrek?

Al hierdie dinge is geen verrassing vir diegene wat sien dat vandag se wêreldtoestande duidelik eindtydse profesieë van Jesus vervul. Die kulturele verskuiwings van die moderne "eie-ek generasie" sal ook dien as voeding vir die gesindhede wat geprofeteerde eindtydse konflik sal aanvuur. Soos die apostel Paulus skryf: "Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig ... kwaadspreekers ... wreed, sonder liefde vir die goeie ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God"; (2 Timótheüs 3:1-4) – wat ons moderne tyd akkuraat beskryf!

As deel van die eindtydse scenario, beskryf Jesus droogtes, hongersnood, brande, oorstromings, aardbewings en ander rampe op 'n wêreldwye skaal – insidente wat ons gereeld gesien het gedurende die afgelope jare. Hierdie waarskuwings word weerspieël

in die tsunami's wat kusgebiede verwoes het rondom die Indiese Oseaan en 'n stad en kernkragentrale in Japan vernietig het, vulkaniese uitbarstings in Indonesië, rekord-gevalle van droogtes en oorstromings in Australië, Suid-Afrika en die Amerikaanse suidweste, dodelike aardbewings in Turkye en China, verwoestende orkane en tornado's in Missouri en ander dele van die wêreld, verwoestende brande in Australië en Texas – en die lys gaan aan en aan. Baie van hierdie rampe is na wat berig word, *die ergste in 'n eeu of die ergste volgens rekord!* Kernwetenskaplikes in Amerika het onlangs weer hul simboliese Oordeelsdag Horlosie nader aan middernag geskuif, terwyl andere waarsku: "Die wêreld is gedoem tot 'n warmer klimaat, meer ongure weersomstandighede, droogtes, hongersnood, waterskaarste, stygende seevlakke, verlies van eilande se nasies en toenemende versuring van die oseane". Hulle onheilspellende voorspellings pas in by profesieë oor die lankvoorspelde "voleinding van die wêreld", soos in die Bybel opgeteken.

Christus het ook gewaarsku aangaande die toenemende bedreiging van dodelike siektes. HIV-VIGS tas inderdaad miljoene mans, vroue en kinders regoor die wêreld aan. Ons sien ook die opkoms van medikasie-weerstandige vorms van aansteeklike siektes soos malaria, cholera en tuberkulose. Voeg hierby die groeiende plaag van kanker, hartsiektes, suikersiekte en ander "siektes van die beskawing", asook die toenemende verslawing aan

alkohol en dwelms. Daarbenevens ook oorvol, onhygiëniese stedelike lewensomstandighede. Internasionale stralervlugte het die draers vir die verspreiding van siekte-kieme binne ure regoor die wêreld geword – 'n meganisme is voorsien vir epidemies op 'n skaal soos beskryf in die Skrif se profesieë oor die eindtyd!

God, wat die Bybel geïnspireer en bewaar het, sê aan ons dat Hy alleen die toekoms kan voorspel en dit tot stand bring (Jesaja 46:8-10). Dieselfde God het Sy dienaars beveel om Bybelprofesieë te verduidelik en die ontnugterende betekenis van gebeure wat vandag nuus maak, te onthul (Amos 3:7; 2 Petrus 1:19-20). Jesus waarsku dat die wêreld oor die algemeen onbewus sal wees van die ware betekenis van eindtydse gebeure, maar Hy beveel Sy dissipels: "So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. ... *Maar pas op vir julleself ... Waak dan en bid altyddeur*, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan" (Lukas 21:31-36). Eindtydse gebeure is besig om *gestalte aan te neem* soos nog nooit tevore nie. Om meer te leer oor hierdie lewensbelangrike onderwerp, vra gerus u gratis eksemplaar aan van ons boekie, *Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms Aankondig*. U kan dit op die Internet bestel by wvm.co.za, of 'n kopie aanvra van die streekskantoor die naaste aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif).

—Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 7 – Waarom ek weet daar is 'n ware God!

vrees, het geen gebrek nie. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie" (Psalm 34:9-11).

Ja, my vriende, ek weet waarlik dat daar 'n werklike God is. Hy het my lewe geheel en al gelei gedurende die afgelope 62 jaar, *tot die mate* wat ek bereid was om met Hom te wandel, Hom te dien en Sy wil te doen. Soos Hy in Sy Woord belowe, sal God my nooit verlaat nie, tensy ek my van Hom distansieer: "... want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie" (Hebreeërs 13:5).

Nie ek of enigiemand

anders in hierdie Werk wil hê dat u God in "blinde geloof" dien nie want God is werklik. U kan aan uself Sygeprofeteerde ingryping in wêreldsake en profetiese gebeure bewys. U kan ook in u persoonlike lewe – indien u *gewillig* is – aan *uself* bewys dat God die Geneser is en dat Hy sal ingryp en diegene wat hul vertrouwe in Hom stel, *bonatuurlik sal genees*. Ja, indien u gewillig is om u wil aan Hom te *onderwerp*, en toe te laat dat die ware Christus van die Bybel in u leef (Galasiërs 2:20), sal u vind dat *God se lewenswyse* werk. Hy het tog vir ons riglyne gegee waarvolgens ons behoort te leef, wat nie slegs oorvloedige lewe

gevol met vreugde sal voortbring nie, maar wat ook sal help om die *goddelike natuur* van God self, in ons te help bou (2 Petrus 1:4).

Dit is hoe ek weet dat God werklik is. U en ek is waarlik hier geplaas vir 'n *groot doel*, en ons moet bereid wees om hierdie dinge aan onself te bewys – om so te voldoen aan die doel van ons Skepper om werklike seuns in Sy ewige Koninkryk en Gesin in te bring tydens die vinnig naderende opstanding uit die dood. Dus, bewys God vir uself en handel dan volgens wat u bewys het! **WvM**

Die ware God – bewyse en beloftes?

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie word die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, en sewe bewyse word bestudeer wat die ware God sal onthul.

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 15 – Hebsug!

Hervestig die **CHRISTENSKAP** van die **APOSTELS**. U kan dit aanlyn lees of gratis gedrukte

kopieë bestel by wvm.co.za, of stuur u skriftelike aanvraag aan die streekskantoor die naaste

aan u (soos gelys op bladsy 2 van hierdie tydskrif). Wat u leer kan u lewe vir ewig verander! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

wees”? **Nee!** Hy het tog “innig jammer gevoel” vir hulle, en hulle toe begin leer aangaande die weg van God (verse 33-34).

Die Apostels was ook deurgaans besig om te preek, te leer, te help, te dien – hul het *hulself omring* met ander mense vir wie hulle kon help en dien. Hulle het hulself **selde** afgesonder van ander mense, behalwe vir baie *kort* periodes van spesiale gebed en vas. *Slegs* toe die apostel Johannes, na aan die einde van sy lewe, in 'n toestand van verbanning was, was hy voortdurend afgesonder van mense. Die apostel Paulus het selfs as 'n burgerlike gevangene “in sy eie gehuurde huis” homself **nie** afgesonder om ander te help, te dien en te leer nie. Inteendeel: “Paulus het ... **almal** ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verandering” (Handelinge 28:30-31).

Jesus het toe Hy uitgevra was oor “die ewige lewe” gesê: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, **onderhou die gebooie**” (Mattheüs 19:17). Op die vraag: “Watter?” het Christus begin om 'n paar gebooie oor *hoe* om jou naaste lief te hê, op te noem – Hy het afgesluit: “Jy moet jou naaste **liefhê** soos jouself” (vers 19).

Hoe kan mens jou naaste “liefhê” indien jy jou eenvoudig **afsonder** van hulle en van die hele mensdom – indien jy as man vrouens verbied om in jou teenwoordigheid te wees, of as 'n vrou, die teenwoordigheid van mans verbied en prakties geen interaksie met ander mense buite jou eie klein groepie in 'n nonneklooster of 'n monnikelooster het nie? Dit is duidelik “mensgemaakte” godsdiens, wat heeltemal **teenstrydig** is met die leringe van Christus en die Wet van God! Baie mense hou nie daarvan om hierdie duidelike woorde te hoor nie. Dit is egter die **waarheid**.

Dit is nodig dat ons Christus se stelling onthou: “Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My,**

julle wat die **ongeregtigheid** werk!” (Mattheüs 7:22-23).

Te veel mense, soos hierdie monnike, aanvaar eenvoudig dat hulle godsdienstige leiers hulle die volle waarheid geleer het. Hulle sing 'n paar liedere en lees gedeeltes uit die Bybel, maar hulle bestudeer duidelik nie die hele Bybel om God se leringe aangaande die hele lewenswyse wat hulle moet leef, te verstaan nie. Hulle is gelukkig om die goedkeuring van diegene rondom hulle te hê, om “saam te smelt” met die mense om hulle. Dit was dieselfde probleem wat baie godsdienstleiers in Jesus se tyd gehad het: “Want hulle het die eer van die mense meer lief gehad as die eer van God” (Johannes 12:43) en het dus nie Christus, Sy leringe en lewenswyse aanvaarnie.

Hoewel die meeste monnike en nonne wat in kloosters “wegkruip” opreg mag wees, gee hulle baie geleentheid prys om gemoed te wees met hul medemense wat hulp nodig mag hê. Wanneer mens dink aan Jesus se stelling dat dit een van die twee “groot gebooie” is om jou medemens lief te hê, dan besef mens dat hierdie mense deur hulle optrede eintlik *teenstrydig* met die wet en bedoeling van God leef. Hoewel hulle selfgemaakte godsdiens oppervlakkig “goed mag lyk”, is hulle manier van kloosterlewe volstrek **nie** wat die Almagtige God bedoel het nie. Inteendeel is dit **teen** die hele lewenswyse wat God vir die mensdom beplan het.

Hoekom het hierdie monnike en nonne teruggetrek na die klooster? Let op die apostel Paulus se geïnspireerde waarskuwing: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Timotheüs 4:1). Een van hierdie “leringe van duiwels” (vers 1) behels “verbied om te trou” (vers 3). Hoewel God sommige Christene roep om ongetroud te bly, behoort ons te verstaan dat om geforseerd selibaat te leef veroorsaak het dat **miljoene** priesters en nonne deur die eeue heen rondgerol het in diepe frustrasie en smart oor hulle onvermoë om in die huwelik liefde te betoon aan 'n ander mens.

Mag God ons almal help om op te hou “wonder” wat *ons dink* Jesus wil hê ons moet doen! Ons moet liever leer om God se geïnspireerde woord te **bestudeer**, om só uit te vind wat die **ware** *Jesus Christus* van die Bybel gedoen het, wat Hy werklik verkondig en geglo het. Ons behoort te glo wat Hy geglo het, en Sy ware geïnspireerde lewenswyse **uitleef**. Namate ons dit doen sal God vir ons meer werklik word en Sy seëninge sal op ons neerdaal op maniere wat ons nou nie eens besef nie.

In hierdie deurmekaar en misleide wêreld moet Christene leer om “**Hom** met jou **hele** hart

en jou **hele** siel [te] **soek**” (Deuteronomium 4:29). Dan sal u Skepper “u verstand open” om Sy woord werklik te *verstaan* en u sal begin om Hom waarlik te “ken” en te weet wat Sy doel vir u lewe is. Die Seun van God sê: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (Johannes 17:3).



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**